ONS IS DIE NUWE SUID-AFRIKA


# Vrye Weekblad





20 April 1990 Tel: (011) 836--2151 Fax: (011) 838-5901 Prys: R1,50 (R1,33 + 17c AVB)


Sondag is Aardedag - 12 &13



Barnard



Stopforth



Veenendal



Banfield



Trowsdale


Burger


Botha


Bawden


Maree


Price

# SA nou 'n skuilplek vir 'terroriste'

JACQUES PAUW

**HULLE is voortvlugtendes wat van moord beskuldig word. Hulle kom van Suid-Afrika, Brittanje, Namibia en Zimbabwe. Hulle het een gemeenskaplike kenmerk: hulle het die afgelope dekade 'n spoor van verwoesting, dood en bloedvergieting in Suider-Afrika gesaai, maar kan nie vervolg word nie.**

*Hulle is van die mees gesoekte mans in ons buurstate, maar geniet die beskerming van die Suid-Afrikaanse regering omdat hulle vir die veiligheidsmagte gewerk het of steeds werk.*

Meer en meer name van Suid-Afrikaanse agente wat in terreur in die buurstate en in die buiteland betrokke was, is besig om na vore te kom. Suid-Afrika verleen tans beskerming aan talle van dié agente wat betrokke was in operasies en terreurdade waarin tientalle onskuldiges dood is.

'n Nuwe veldtog om Staatspresident FW de Klerk te dwing om die beweerde moordenaars aan die onderskeie buurlande uit te lewer en die Harms-kommissie se verwysingsraamwerk te verbreed om ook moordbendes se buitelandse optredes te ondersoek, is reeds besig om momentum te kry.

Wye belangstelling bestaan vir die getuienis van kapt Dirk Coetzee wat Maandag in Londen begin. Benewens sy verhaal van binnelandse moorde op anti-apartheidsaktiviste, wil hy ook getuienis lewer oor teenstanders van die regering en onskuldiges wat deur moordbendes in die buiteland vermoor is.

Coetzee, onder meer weens sy vriendskap met baasspioen Craig Williamson, het 'n intieme kennis van buitelandse operasies van die SA Polisie en was selfs betrokke by moorde op onskuldiges in Botswana en Swaziland. (Sien bladsy 6)

Zimbabwe het dié week gesê dat hy die beplande uitleweringsaansoek van die Namibiese regering vir 'n sel van die Burgerlike Beskermingsburo (BSB) wat na bewering vir Anton Lubowski vermoor het, fyn dophou.

Twee Suid-Afrikaanse agente wat glo betrokke was by moord, terrorisme en hoogverraad in Zimbabwe, is boaan die lys van die mees gesoekte misdadigers in dié land. Dié land se intelligensiediens sê hulle en verskeie ander agente skuil in Suid-Afrika waar hulle steeds "deeltyds" vir die Weermag werk. (Sien bladsy 5)

Ondanks 'n versekering van Staatpresident FW de Klerk dat "kriminaliteit" nie geduld sal word nie en "misdaad, waar dit ook al voorkom, bekamp en oopgevlek moet word," het die regering reeds te kenne gegee dat hy nie buitelandse operasies sal laat ondersoek nie.

Nogtans is talle van die operasies en terreurdade, veral dié wat in Namibia en Zimbabwe gepleeg is, op Suid-Afrikaanse grondgebied beplan en van hier af uitgevoer.

Die voorsitter van die Demokratiese Party, Tian van der Merwe, sê Suid-Afrika bevind hom in die ongelukkige posisie dat hy met baie van die "uitskot" van gewese kolonies sit wat nou vir hom groot probleme besorg.

"Dit is 'n nog groter jammerte dat so baie van hulle in die veiligheidsmagte opgeneem is vanwaar hulle hul wrok teen die nuwe regering kon uithaal. Dit het PW Botha se destabilisasie-beleid goed gepas, maar nou is hulle 'n verleentheid vir die De Klerk-regering," sê Van der Merwe.

Van der Merwe sê hy steun die oproep dat alle moordebende-

*Vervolg op bladsy 2*

# Regse arsenaal hoop op

**'N BLOEDIGE regse revolusie en 'n wit skrikbewind was nog nooit so 'n werklikheid soos dié week nie nadat dit bekend geword het dat 'n ver-regse leier die weermag van 'n arsenaal wapens beroof het waarmee hy ANC-ondersteuners wil vermoor.**

*Ver-regse leiers dreig nou al weke lank dat hulle bereid is om tot geweld oor te gaan om voortgesette blanke baasskap te verseker. "Die KP se een miljoen handtekeninge kan nie die regering dwing om 'n verkiesing uit te roep nie; 'n miljoen wapens wel," het AWB-leier Eugene Terre'Blanche dié week gesê*

Regse arsenale is besig om op te bou en daar word gevrees dat die regses nou oor genoeg skietgoed beskik om inderdaad met hul terreurveldtog te begin.

Regse vuurvreter Piet Rudolph wat op verskeie regse saamtrekke die jaar reeds 'n "bloedige revolusie" voorspel het, het nou die begin van die "teenrevolusie" afgekondig met sy buitmaak op 'n indrukwekkende arsenaal wapens.

Hy het na bewering sowat twintig haelgewere, dertig semi-outomatiese pistole, 20 R5-stormgewere en 'n ligte masjiengeweer buitgemaak en agterna aan die Pretoria News gesê: "Die wapens gaan teen die ANC gebruik word. Ons gaan nou vir die keel."

Die dreigende regse geweld hou ernstige implikasies vir politieke ontwikkeling in Suid-Afrika in. Die ANC het reeds gesê hy is bekommerd oor die veiligheid van sy leiers wat na Suid-Afrika wil terugkeer.

Dit is lank reeds bekend dat die ver-regses oor heelwat wapens beskik. Talle van hulle is Burgermaglede, polisiemanne en ander werk in myne waar plofstof al gesteel is.

Daar word gevrees dat Rudolph na sy gewaagde diefstalpoging min het om te verloor omdat hy klaar 'n

*Vervolg op bladsy 2*

# Shell ondersteun die reg van alle mense om te woon waar hulle wil

**Ons werk om nou 'n verskil te maak.**

*Polisie-moordbendes*

# Maandag is dit Dirk Coetzee en Harms

**Deur JACQUES PAUW, wat volgende week verslag uit Londen gaan doen oor kaptein Dirk Coetzee en David "Spyker" Tshikalange se getuienis voor die Harms-kommissie.**

KAPTEIN Dirk Coetzee betree Maandag vir die eerste keer sedert November verlede jaar weer Suid-Afrikaanse grondgebied wanneer hy in Suid-Afrika-Huis in Londen sy verhaal van polisie-moorde aan die wêreld gaan vertel.

Sedert Coetzee se uittog uit Suid-Afrika, wat gelei het na bestemmings in Mauritius, Europa, Zimbabwe en uiteindelik 'n ANC-vesting in Zambië, het dié gewese polisieman net twee wense gehad: om weer voet op Suid-Afrikaanse bodem te sit en voor 'n onafhanklike kommissie van ondersoek te getuig.

Coetzee het Sondag sy 45ste verjaardag saam met sy broer, dr Ben Coetzee, in Lusaka gevier waar die twee hulle voorberei het vir Coetzee se getuienis wat na verwagting wêreldwye belangstelling gaande sal maak.

Van Suid-Afrika se bekendste regslui het dié week in die Britse hoofstad begin saamtrek om hulle voor te berei om Coetzee aan te hoor, sy getuienis te lei en hom onder kruisverhoor te neem.

Die groot vraag wat na al die maande van onthullings en aantygings onbevestig bly, sal in Coetzee se getuienis sterk na vore kom: wie het almal geweet van die moordbendes? Hoe hoog gaan dit op?

Coetzee kom eers oor die naweek in Londen aan. Hy is vroeër verwag, maar die ANC het besluit om hom eers later te stuur. Dit gee sy regspan net twee dae om met hom te konsulteer voor hy moet getuig.

Dit is in dieselfde stad waar Coetzee vir die eerste keer verteenwoordigers van die ANC ontmoet het en by dié organisasie aangesluit het in die hoop om met 'n nuwe lewe te begin.

Hoewel nie uniek nie, is dit hoogs uitsonderlik dat 'n regter en voorsitter van 'n kommissie van ondersoek getuienis in die buiteland aanhoor. Gewoonlik stuur die voorsitter iemand om namens hom na buitelandse getuienis te luister.

Dit het dié week bekend geword dat die adjunk-kommissaris van polisie en hoof van die forensiese laboratorium, genl Lothar Neethling, sy regspan na Londen gestuur het om na Coetzee se getuienis oor die vergiftiging van ANC-verdagtes te luister en hom moontlik onder kruisverhoor te neem.

Neethling het einde verlede jaar 'n lastereis van R1 miljoen teen Vrye Weekblad ingestel nadat Coetzee beweer het dat hy gif by Neethling gekry het om verdagtes mee te vergiftig. Hy moes glo ook vir die generaal rekord hou oor die uitwerking van die gif.


Coetzee kom Maandag vir die eerste keer weer van aangesig tot aangesig met 'n oud-kollega: genl Ronnie van der Westhuizen, ondersoekbeampte van die polisie wat in die verlede al 'n interne aanklag teen Coetzee moes ondersoek.

Coetzee se getuienis is die spil waarom regter Harms, wat uit verskeie oorde skerp gekritiseer is omdat hy bevooroordeeld sou wees, se ondersoek na polisie-moordbendes draai. Die polisie ontken steeds, selfs ná die getuienis van veroordeelde Almond Nofomela, dat moordbendes amptelik bestaan het.

Die polisie gaan sonder twyfel probeer bewys dat Coetzee 'n twyfelagtige getuie met 'n donker verlede is en dat hy alleen en sonder die medewete van sy meerderes opgetree het.

Coetzee, wat die afgelope maande in 'n swartsmeerveldtog deur die polisie en oud-kollegas van dranksmokkelary en vroueslanery tot malheid beskuldig is, gaan sonder twyfel onder baie skerp kruisverhoor geneem word oor sy beweerde "donker verlede" en oortredings wat hy as polisieman sou gepleeg het.

Daarteenoor gaan Coetzee aanvoer dat elke operasie waarop die moordbende uitgestuur is, die magtiging van polisie-hoofkwartier en sy meerderes gehad het. Hy sal vertel hoe die polisie oud-ANC's "gedraai" en uiteindelik gebruik het om teenstanders van die regering te vermoor.



Dirk Coetzee

Coetzee se verduideliking oor sy betrokkenheid draai rondom opdragte wat hy van brigadiers Willem Schoon, Nic van Rensburg en H van der Hoven ontvang het en goedkeuring wat die gewese kommissaris van polisie, genl Johan Coetzee, aan die sendings van die moordbendes verleen het.

In die proses gaan Coetzee ook van die bekendste en mees gerespekteerde polisiemanne impliseer: sy ou-vriend en baasspioen Craig Williamson, huidige moordbendebevelvoerder Eugene de Kock, luit Paul van Dyk en natuurlik Neethling.

Hoewel regter Harms nie opdrag het om operasies oor landsgrense heen te ondersoek nie, sal Coetzee se getuienis ook buitelandse optrede van die moordbende insluit: 'n aanval op 'n huis in Botswana, 'n bomontploffing in Swaziland en vele ander.

Weens Coetzee se vriendskappe met Williamson en polisie-agent Peter Casselton, dra hy intieme kennis oor die bomontploffing by die kantore van die ANC in Londen in 1982, die moord op Jeanette Schoon en haar dogtertjie, en die moord op Ruth First.

Coetzee se eertydse makker in die moordbendes, David "Spyker" Tshikalange, sal ook in die volgende twee weke in Londen getuig oor sy aandeel in die moordbende en veral die moord op die menseregte-prokureur Griffiths Mxenge in Durban in 1981.

Regsgeleerdes verwag dat Coetzee en Tshikalange se getuienis van die moord op Mxenge van deurslaggewende belang gaan wees. "Nofomela het die grondslag gelê, nou sal Coetzee en Tshikalange se getuienis sy weergawe moet bevestig," sê Coetzee se prokureur, Ahmed Motala van Regslui vir Menseregte.

Motala stem saam dat Coetzee die verantwoordelikheid vir die moordbendes "hoër op" na Van Rensburg, Schoon en Van der Hoven kan skuif wat later as getuies geroep kan word.

Streng veiligheidsmaatreëls word vir Coetzee se aankoms en verblyf in Londen getref. Die ANC se plaaslike veiligheidskantoor in Londen is hoofsaaklik verantwoordelik vir sy veiligheid.

Benewens Harms en van sy personeel, sal die sitting ook bygewoon word deur die regspanne vir Coetzee en Tshikalange, die SA Polisie en individuele polisiemanne, die SA Weermag, Neethling, die Mxenge-familie en die Kommissie na Informele Onderdrukking.

Vrye Weekblad word by die sitting verteenwoordig deur Lauren Jacobsen van die regsfirma Bell Dewar en Hall.


**Vrye Weekblad**

**Dra die Groen en Goud (met 'n bietjie swart by). En die Oranje, Blanje en Blou. Dit is die kleure van ons nuwe T-hemp. En as dit jou verwar, dan beteken dit waarskynlik jy weet wat vandag in ons land aan die gang is.**




Teken in op Vrye Weekblad (R75 vir 'n jaar, R40 vir ses maande, AVB ingesluit) en ons stuur 'n gratis T-hemp saam. Of bestel een teen R15 (AVB en posgeld ingesluit) van Posbus 177, Newtown 2113.

*Ek wil Vrye Weekblad vir 12 / 6 maande by my huis afgelewer hê en sluit 'n tjek/poswissel vir R75 / R40 hierby in.*

**Naam** ____________________

**Adres** ____________________


**Poskode** ____________________

**ONS IS DIE NUWE SUID-AFRIKA**

**Stuur aan Die Sirkulasiebestuurder, Posbus 177, Newtown 2113**

## *Die groot Aids-stilte*

# Moet die mense eers op straat lê en sterf?



**AUDREY BROWN**

WAAROM is Aids nie 'n werklikheid vir Suid-Afrikaners nie?

Omdat mense nie op die strate lê en sterf nie, omdat daar geen kontak tussen Suid-Afrika en ander lande in Afrika is waar dit wel gebeur nie, omdat ons te veel ander krisisse het.

Dié redes word deur mediese dokters en Aids-werkers vir die "groot stilte" om dié dodelike epidemie geopper.

***Hier is die feite:***

* Volgens amptelike syfers het minstens 182 Suid-Afrikaners al weens Aids gesterf;
* Amptelik is daar tans 353 Aids-gevalle in Suid-Afrika gediagnoseer;
* Verlede jaar was daar al sowat 55 000 HIV-draers - 'n syfer wat teen die einde van die jaar op 119 000 sal staan;
* Meer as 3 450 mense is HIV-positief getoets tot op 12 Februarie 1990;
* Sowat 446 000 Suid-Afrikaners sal na raming teen die einde van 1992 met dié virus besmet wees. Die meeste van dié mense sal dit nie eens weet nie.

Suid-Afrika staan nog net op die drumpel van die Aids-epidemie wat die res van Afrika getref het, sê medici.

Volgens 'n studie wat onlangs deur dr GN Padayachee van die Johannesburgse Stadsgesondheidsdiens en dr R Schall gedoen is, is Suid-Afrika in die "stil fase" van die siekte, en sal die siekte eers oor tien jaar sy ware omvang openbaar.

Padayachee sê: "Aids in Suid-Afrika het nog nie eens begin nie omdat die siekte 'n inkubasie-periode van omtrent tien jaar het. Op die oomblik sukkel ons om te bepaal hoeveel mense HIV-positief is.

"Volgens my navorsing kan daar teen die einde van die jaar tussen 119 000 en 160 000 mense met die virus in Suid-Afrika wees.

Dié syfer sal dan verdubbel in die daaropvolgende agt tot nege maande, en dan sit ons met 'n syfer van tussen 317 000 en 446 000 aan die einde van 1991.

"Hierdie is net die mense wat die virus sal dra - hulle sal nog gesond wees en eers oor tien jaar begin siek word."

Dan, volgens 'n senior amptenaar van die Departement van Gesondheid, "sal daar mense op die straat lê en sterf, dan sal ons weeshuise en hostelle benodig om weeskinders en werklose, siek mense te huisves".

Dit is die stadium waarin ander Afrika lande nou is. 'n Zambiese juris, Rodger Chongwe, het dié week tydens 'n konferensie in Nieu-Seeland gesê Afrika se gesinstruktuur verkeer onder geweldige druk.

"Daar is 'n dringende behoefte vir die staat om weeshuise te bou om na kinders wie se ouers omgekom het van die siekte om te sien. Maar daar is baie min staatsbronne om navorsing en hulp te verleen aan dié wat dit nodig het," het Chongwe gesê.

Daar is ook geen betroubare syfers beskikbaar nie, omdat die inligting "sensitief en onakkuraat is", het hy bygevoeg.


Volgens die Wêreld-gesondheidsorganisasie se jongste syfers is daar 6 000 Aids-gevalle in Zambië. Uganda, met 7 375, het die meeste gevalle, gevolg deur Kenia (6 004) en Zaïre (6 002).

Dié organisasie meen dat net 10 persent van alle Aids-gevalle in Afrika gerapporteer word.

Volgens Padayachee en Schall se studie wat in die South African Medical Journal verskyn het, is die siekte besig om van karakter te verander in Suid-Afrika.

Eers het dit die sogenaamde "Westerse" patroon gevolg, waar dit meestal onder homoseksuele mans en dwelmgebruikers voorgekom het.

Nou is daar "groeiende bewyse dat die siekte vinnig in die swart- en moontlik ook die bruin-bevolking deur heteroseksuele omgang versprei word". Dit is die "Afrika-epidemie", en dit versprei vinniger op dié wyse.



**"Bio-hazard" - Die internasionale teken om mediese personeel in te lig dat daar 'n Aids-pasiënt of besmette bloed in die omtrek is.**

Die bogenoemde syfers is gegrond op "onvoltooide" syfers in die besit van die staat - kenners meen dat daar derduisende mense is wat nie binne bereik van die gesondheidsdienste is nie, en dus sal hulle nooit getoets kan word vir die virus nie.

In Natal, byvoorbeeld, is 550 mense in die eerste twee maande van hierdie jaar HIV-positief getoets, en 69 Aids-gevalle is bevestig, waarvan 23 gesterf het.

Volgens die LUK vir hospitale in Natal, Tino Volker, is die nasionale syfers onakkuraat, en die redes daarvoor "medies-regskundig".

Padayachee en Schall het hul statistieke bepaal deur die syfers op drie maniere uit te werk. Hulle het van projektering, die regstreekse metode en terugwerkende berekenings gebruik gemaak.

Refiloe Serote, 'n Aids-aktivis van die Soweto Township Aids-Projek, meen dit beteken nie veel om met syfers oor Aids te goël nie.

"As mens kyk na die syfers vir Natal, wat op die oomblik meer is as dié wat deur die staat bekend gemaak is vir die hele land, saam met die feit dat ons in elk geval nie kan skat hoeveel mense nóú HIV-positief is nie, beteken dit niks nie.

Ons moet liewer die inligting wat tot ons beskikking is oor die siekte koördineer met 'n stewige poging aan die kant van die staat en gemeenskapsorganisasies om die verdere verspreiding van die virus te beveg.

"Ons weet dat die getal mense wat positief toets elke agt maande verdubbel. Ons weet ook dat die siekte die vermoë besit om ons land te verwoes. Nou moet ons spanpogings aanwend om dit te beveg. Ons moet nie die wetenskaplike aspekte oorbeklemtoon nie."

Volgens dr Clive Evian, 'n Aids-navorser, is dit makliker gesê as gedaan omdat daar baie ander faktore in ag geneem moet word.

"Suid-Afrika is 'n versplinterde land, met 'n gesondheidsdiens wat nie eers kan omsien na die gewone behoeftes van die bevolking nie, wat nog te sê van 'n rampspoedige siekte soos Aids. Mense het ook nie gelyke toegang tot die gesondheidsdienste nie - ons weet nie eens hoeveel mense daar in die land is nie. Dus praat ons eintlik oor stukkies en brokkies sover dit Aids in Suid-Afrika betref.

"En dan is daar nog die werklikheid dat ons met ander krisisse sit, en dus aanskou mense die Aids-krisis amper as net nóg 'n krisis. Hoe kan ons die rampboodskap van Aids oordra as daar so baie ander ernstige krisisse is?"

Maar Padayachee en Schall glo dat daar 'n unieke geleentheid vir Suid-Afrika bestaan om die verloop van die Aids-epidemie noukeurig dop te hou, en om die beste databasis ter wêreld op te stel om die siekte te bestry.

Omdat die land op die drumpel van die epidemie staan, is dit nou moontlik, met die regte aanslag, om Aids noukeurig dop te hou en te bestry, sê Don Edwards, 'n Aids-aktivis van Amerika wat verlede jaar die land besoek het.

"Suid-Afrika het die geleentheid om die siekte aan te spreek vóór dit 'n swart plaag word. Mense moet ook die vooruitsig skep dat daar wel iets is om voor te lewe, en hier is daar beslis baie om voor te lewe. Die totale afskaffing van apartheid en 'n nuwe samelewing kan mense die krag gee om die siekte te bestry," het hy in 'n onderhoud met die Weekly Mail gesê.

"Suid-Afrika het beslis die tegnologie om goeie navorsing te doen, en ook geld om op die gesondheid van die bevolking te spandeer."

Maar daar is struikelblokke, soos die gebrek onder swartmense aan vertroue in die staat, en mense se houdings jeens seks en siekte.

Serote noem die houdings van swartmans teenoor die gebruik van kondome en die geloof in tradisionele mediese hulp.

"Baie mense gaan besoek sangomas om hulp te kry. In sommige gevalle word skeermeslemme gebruik om bloed te tap in die behandeling van siektes. Dié lemme word nie gesteriliseer nie, en word dan op ander mense gebruik. Só word die siekte versprei.

"Mense se houdings teenoor kondome skep ook probleme. As 'n man nie 'n kondoom wil gebruik nie, hoe kan hy gedwing word om dit te doen?"

Padayachee meen dat alle pogings om mense op te voed in die gebruik van kondome en ander gedrag wat verspreiding bekamp, net suksesvol kan wees as "die regte klimaat geskep word om die gedrag te ondersteun.

"Byvoorbeeld, die trekarbeidstelsel vernietig die gesinslewe, en dus kan jy nie iemand in die enkelgeslag-hostel vertel dat hy net een vrou mag hê nie.

## Christendom in krisis

# Van Belhar tot Kerk en Samelewing

**Waarom het Christene wat hulle op die God van die Bybel beroep, sulke teenoorgestelde sosio-politieke oortuigings? Dr André van Niekerk, NG predikant van die gemeente Jakaranda, het dié vraag in sy proefskrif probeer beantwoord. INA VAN DER LINDE doen verslag**

DAAR is 'n geloofwaardigheidskrisis binne die Suid-Afrikaanse Christendom. Dié krisis kan met die volgende vraag geïllustreer word: Waarom het Christene wat hulle op die God van die Bybel beroep, sulke teenoorgestelde sosio-politieke oortuigings?

Dié vraag spreek dr André van Niekerk, NG predikant van die gemeente Jakaranda in Pretoria, in sy proefskrif aan.

Die titel van sy proefskrif is: "Kontekstualiteit in die Suid-Afrikaanse Sosiale Etiek: 'n Vergelykende ondersoek na The Kairos Document, die Evangelical Witness, die Belydenis (van Belhar) 1986, en Kerk en Samelewing."

Die vier dokumente wat in die proefskrif ontleed en bespreek word, het almal rondom 1986 hul beslag gekry. Die oudste van die dokumente, die Belhar-belydenis van die NG Sendingkerk, het reeds in 1982 in konsepvorm verskyn en is in 1986 finaal aanvaar.

Van Niekerk toon aan dat al vier dié dokumente gegroei het vanuit die verskillende kulturele, sosiale, politieke en ekonomiese omstandighede waarin mense in Suid-Afrika verkeer. Dié omstandighede het weer 'n invloed gehad op die wyse waarop verskillende groepe in die samelewing oor die Bybel dink.

Die vier dokumente kan kortweg as volg voorgestel word:

* Die Kairos-dokument is die mees ingrypende van die vier dokumente. Dit is opgestel deur teoloë en predikante uit verskillende kerke wat losweg as "bevrydingsteoloë" getipeer kan word.

Dit lewer nie bloot teologiese kommentaar op die politieke krisis in Suid-Afrika nie, maar ook op die wyse waarop tradisionele kerke 'n "irrelevante teologie" vanuit geïsoleerde, akademiese, Westerse kultuur en vanuit 'n middelklas weelde beoefen.

'n Onderskeid word getref tussen "staatsteologie" - wat deur die regering en wit teoloë beoefen word om aan bewind te bly - en "kerkteologie". Kerkteologie verdeel dieselfde denominasies in wit en swart en verleen taktiese ondersteuning aan die onderdrukker se brutale geweld deur byvoorbeeld te pleit vir versoening sonder geregtigheid. Hierdeur word die onderdrukte, aan wie se kant God staan, verlam en word ware eenheid verydel.

'n "Profetiese teologie" word dan voorgestel, waarvolgens die gebeure in die wêreld die vertrekpunt van die teologie moet wees. Die taak van die kerk is om sosiale analise toe te pas en dan oor te gaan tot optrede om sake reg te stel.

* Die Evangelical Witness is opgestel deur 'n groep (hoofsaaklik) swart evangelicals uit charismatiese, evangeliese- en pinksterkerke. Hulle spreek onder andere mede-evangelicals aan wat die teologie gebruik om die status quo te verdedig deur wet en orde (Rom 13) voorop te stel; onderdrukkende strukture in die kerke en gebrekkige samewerking onder evangelicals; en dat die Skrif radikale, omvattende eise stel wat in teenstelling is met die konserwatiewe neigings van Evangeliese groepe.

* Die Belhar-belydenis is gerig teen "valse geloof" wat gedwonge (rasse) skeiding uit die Evangelie legitimeer. Dit word afgewys as 'n dwaalleer wat verhoed dat die kerk sy boodskap van versoening kan deurvoer. Sentraal staan dat God één kerk tot stand wil bring en dat die eenheid sigbaar moet wees.

God kan en wil Christene wat met hom versoen is, ook met mekaar versoen en so 'n invloed op die samelewing uitoefen. God is die God van geregtigheid, die hulp van die hulpelose en die Kerk moet hom daarin volg.

* Kerk en Samelewing is 'n omvattende beleidstuk van die NG Kerk. Hierin word vir die eerste keer prontuit gestel dat die Kerk se lidmaatskap oop is vir alle rassegroepe, en dat die teologiese regverdiging vir apartheid 'n "fout" is wat erken en afgewys word. Dit sê dat die "hantering" van apartheid as 'n politieke model wat mense veronreg het en een groep onregmatig bo 'n ander bevoordeel en lyding meegebring het, afgewys moet word.

Die dokument sê "in soverre die kerk en sy lidmate hieraan deel het" word dit erken en bely.

Dr Van Niekerk kom tot die gevolgtrekking dat wanneer die eie sosiale leefwêreld as konteks dien, word teenstrydige standpunte wat die eie magsbelange van elke groep weerspieël, uit die Skrif afgelei.

Om mee te werk om om die geloofwaardigheidskrisis van die Christendom in die land te herstel, is dit nodig dat kerke (en by name die NG Kerk) ekumenies met ander kerke verkeer. Op dié wyse kan Skrifwaarhede magsbelange transendeer.

"'n Ekumeniese denkraamwerk sal kan sorg vir noodsaaklike selfkritiek... Die NG Kerk behoort daaraan mee te werk dat Christene hulle aparte wêrelde in een land moet verlaat ter wille van 'n ekumeniese bestaanswyse.

"In hierdie bestaanswyse word politieke-, sosiale-, ekonomiese-, kulturele- en teologiese verskille binne 'n raamwerk van gemeenskaplike vertroue en wedersydse verryking van mekaar, hanteer," aldus dr Van Niekerk.

**EKSKLUSIEWE SAKE-GELEENTHEID**

**Bemark nou u eie vervoersaak**

- GELEENTHEID -

**Verdien tot R250 000 per maand**

***Cargo bied u die geleentheid om u eie vervoermakelary te begin***

**ONS BIED BYSTAND MET DIE:**

*** Registrasie van u maatskappy**
*** Oprigting van u kantoorperseel**
*** Oprigting van werkswinkelgeriewe**
*** Verkryging van vervoerkontrakte**
*** Opstel van advertensies**
*** Opleiding van personeel**
*** Aankoop van vragmotors**
*** Verskaffing van materiaal**

**ONS BENODIG PERSONE MET:**

*** Kapitaal - tussen R50 000 en R150 000 en/of sekuriteit onderhandelbaar**
*** Ambisie, deursettingsvermoë en die wil om 'n sukses te maak van u besigheid in die vervoerwêreld**

PERSONE BENODIG IN DIE RSA, NAMIBIA, SWAZILAND, ZIMBABWE, BOTSWANA EN MOSAMBIEK.

**Skakel: Cargo Business Consultants (Pty) Ltd**
**Tel 803-8467 - 15 inkomende lyne.**
**Faks 803-8487**

# Afrikaanse Protestante sê nee vir 'n nuwe SA

**INA VAN DER LINDE**

DIE Afrikaanse Protestantse Kerk (APK) van prof Willie Lubbe sê as "Bybelgelowiges wat met ons lewens en ons toekoms op Gods weg wil gaan", vind hulle die aankondiging van die Staatspresident oor 'n "Nuwe Suid-Afrika" onaanvaarbaar.

Die APK het in 1987 van die NG Kerk weggebreek oor beleidsveranderinge ten opsigte van rassesake tydens die vorige Algemene Sinode van die NGK.

Lubbe, stigter van die APK, voorsitter van die dagbestuur en redakteur van die amptelike blad, Die Boodskapper, skryf in die jongste uitgawe: "Ons is nie op aarde en in die RSA om aan ons eie menslike wil en sin vrye teuels te gee nie, maar om Gods wil voortdurend te leer uit sy Woord en dié wil te gehoorsaam."

As "aanpas" sou beteken dat afgewyk word van "Gods Weg" om op die weg wat die mens bedink te gaan, sê hulle nee hiervoor. "Gods weg" is die handhawing van die "Godgeskape verskeidenheid tussen mense en volke".

Hy skryf: "As 'n Nuwe Suid-Afrika van ons vra om te ignoreer dat God vir die Afrikanervolk as volk op hierdie bodem aansyn en voortbestaan tot hede bestem het, moet ons nee sê vir so 'n Nuwe Suid-Afrika. Ons kan ons roeping om as Christenvolk Gods Koninkryk in hierdie land te bevorder, nie vervul as ons ons volksbestaan verloor nie...

"As 'n Nuwe Suid-Afrika van ons vra om te ignoreer dat God vir elke volk wat deel van sy verskeidenheid uitmaak - dus ook vir die Afrikanervolk - 'n eie landsbodem, 'n eie woonplek bestem het, moet ons nee sê vir so 'n Nuwe Suid-Afrika. Gods weg van 'n eie woonplek vir elke volk, is die ware weg vir volkere...

"As 'n Nuwe Suid-Afrika van ons vra om die deure vir on-Christelike of anti-Christelike magte oop te maak om die Staatsbestel in Suid-Afrika oor te neem... moet ons nee sê vir so 'n nuwe Suid-Afrika. 'n Christenvolk behoort 'n Christelike Staatsbestel te hê en met niks minder as dit tevrede te wees nie. Om 'n nie-Christelike owerheid aanvaarbaar te ag as God 'n Christelike owerheid binne jou bereik geplaas het, beteken verloëning van Gods Koninkryk en sy belange in jou Staatsbestel," aldus Die Boodskapper.


*Natal-geweld*

# Net wonderwerk kan nagmerrie beëindig



Doris Mbanjwa en Mondli

(Foto's: Samantha Weinberg)



'n Vlugtelingskamp in Natal

**DIE dodetal in die geweld-geteisterde Natalse Middellande oor die afgelope drie jaar staan reeds op meer as 2 000 en sedert die begin van die jaar is 'n geraamde 50 000 mense van hul huise vervreem. Agter die statistiek is daar lewende mense wat met die pyn van die verlies van hul geliefdes moet saamleef. Doris Mbanjwa, 'n weduwee van Esibovini naby Henley-dam, is een van hulle. Sy het haar verhaal aan CHRISTELLE DE JAGER vertel.**

TRANE rol oor die 52-jarige Doris se wange en haar pyn is so diep en tasbaar dat ek skielik ook wil begin huil.

In 'n duidelike stem vertel sy van die dood van haar dogter, haar niggie en haar skoonseun die afgelope ses weke in die oorlog in Pietermaritzburg se townships.

Haar drie-jarige kleinseun, Mondli, is nou 'n weeskind, sy ma en pa binne 'n maand albei doodgemaak.

"Die pyn wat ek met die dood van my dogter ondervind het, was onvergeeflik. Ek sal nou eerder selfmoord pleeg as om by Inkatha aan te sluit," het sy gesê.

Voorheen was Doris nie in die politiek geïnteresseerd nie en het sy aan geen politieke organisasie behoort nie. Sy het haar boontjieland opgepas, vir haar familie gesorg en as 'n bediende gewerk.

Haar woongebied val onder beheer van hoofman Shayabantu Zondi, 'n bekende en gevreesde krygsheer wat al in die hof verskyn het op aanklag van moord.

Doris sê hoofman Zondi het lank gelede gesê dat mense van sy gebied by Inkatha moet aansluit, maar min het hulle daaraan gesteur. Esibovini is later in sogenaamde "Inkatha"- en "UDF"-gebiede verdeel.

Sy en haar kinders en kleinkinders - haar man is reeds 'n paar jaar gelede aan natuurlike oorsake dood - het in die UDF-gebied gebly en haar getroude dogter in die Inkatha-gebied.

Op 28 Maart het die mense van haar gebied gevlug voor 'n aanval deur 'n Inkatha-impi. Hulle het die sterkvloeiende Umsindisirivier probeer oorsteek om weg te kom.

Baie, veral die ou mense, kon dit nie doen nie, en Doris se niggie het in die rivier verdrink.

Die aanvallers het toe vir die mense wat nog by die rivier agtergebly het gesê hulle moet huis toe gaan, hulle sal nie gehinder word nie, maar die impi het aangehou om te skiet en te plunder.

Doris en haar familie het die aand in 'n mielieland deurgebring.

Op die Saterdag is haar oom, wat na 'n siekte dood is, begrawe. Toe haar dogter, Matutu, 19, ná die begrafnis op pad huis toe was, is sy deur 'n Inkatha-impi aangeval.

"Haar verminkte liggaam, met assegaai- en bylwonde, is eers die volgende dag gekry. Ek het toe saam met Mondli, my ma en Sibongili se dogter, Nozipho, na Ezigodeni gevlug.

"Sedert ek weg is, het die koeie al die boontjies opgevreet. Ek sal nooit daarheen terugkeer nie. Ek wil ook nie na my geboorteplek by Mpolweni gaan nie. Daar is te veel herinneringe by albei plekke," sê Doris.

Mondli speel laggend voor ons, skynbaar onbewus van die geweld wat sy lewe verander het.

Doris sê so jonk soos Mondli is, verstaan hy dat sy ouers albei dood is, maar sy dink nie hy verstaan al dat hulle doodgemaak is nie.

"Ek was reguit met hom en hy vra al hoe minder na hulle," sê sy.

Doris sorg nou vir Mondli maar is bekommerd oor wat met hom sal gebeur wanneer sy doodgaan.

Haar ervaringe het haar ook pessimisties gelaat oor die moontlikheid dat die geweld ooit sal eindig.

"Kyk na Mondli. Hy is nou drie jaar oud, 'n onskuldige kind, maar hy sal eendag baklei. Hy sal baklei omdat hy sal weet dat sy ma deur Inkatha doodgemaak is. Dan sal sy kinders ook baklei.

"So sal dit vir geslagte voortgaan. Net 'n wonderwerk van God sal dit kan laat ophou," het Doris gesê.

# Kind met twintig moorde op sy kerfstok

**CHRISTELLE DE JAGER**

HY is veertien jaar oud met 'n emstige, intelligente engelgesiggie en hy het omtrent 20 mense doodgemaak sedert die begin van die jaar.

Ek het dié jong comrade, 'n UDF-selleier, en van sy makkers dié week raakgeloop waar hulle wag gestaan het by 'n uitgebrande huis op 'n Inkatha/UDF-grensgebied in een van Pietermaritzburg se townships.

Dié tiener is een van baie jong mense in Natal se townships wat in 'n kultuur van geweld grootgeword het en nou daarin vasgevang is.

Die groepie comrades, waarvan die oudste 17 is, het met hul kwashas (tuisgemaakte gewere), ammunisie, 'n R1-geweer en 'n tweeliter-bottel Coke in die huis gesit.

Hulle het hul ore oopgehou vir enige ongewone geluide en af en toe het een van hulle op 'n waarnemingstog van die gebied gegaan om seker te maak dat alles veilig is.

Die leier van die groep, Sipho, soos ek hom gaan noem, is net 14, maar die noodlot het hom vroeg geleer om dood te maak en nie oorlog-speletjies te speel nie.

Dit het alles vir hom begin toe hy 12 was en sy ma voor sy oë doodgeskiet is terwyl hy agter 'n muur weggekruip het.

"Ek was eers geskok. Ek kon dit nie glo nie en ek sien nou nog oor en oor in my kop hoe sy geval het. Toe het ek kwaad geraak en ek haat nou Inkatha want hulle het my ma doodgemaak."

Kort daarna het Sipho besluit dat hy nie meer wil agteroorsit en kyk hoe sy vriende en familie aangeval word nie. Hy wou help om die mense van sy gebied te verdedig en wou wraak neem op sy ma se dood.

"Ja, ek het ook al mense doodgemaak. Ek kan nie onthou presies hoeveel nie, maar dit moet seker ten minste 20 vanjaar wees. Dit is nie altyd ek wat die sneller trek nie. Wanneer ons in 'n groep is, weet ons nie altyd wie raakgeskiet het nie en ons brand ook saam huise af.

"Iemand moet dit doen. Wie anders gaan ons beskerm, nie die polisie nie. Dit is die jongmense se verantwoordelikheid om ons mense te beskerm.

"Baie keer sê die volwassenes van die gemeenskap dat hulle vrede wil hê en dat ons moet ophou om mekaar dood te maak, maar wanneer daar 'n aanval is, is hulle altyd bly ons is daar," het Sipho gesê.

Beteken dit dan dat hulle net mense in selfverdediging doodmaak?

"Nee, as iemand 'n krygsheer of moordenaar is, moet ons hulle eerste probeer doodmaak. Die mense wat saam met hulle werk, moet ook doodgemaak word. Hulle is sleg en moet gestraf word."

Sipho het erken dat hy soms nagmerries kry oor die mense wat hy doodgemaak het. Hy is bang dat hulle by hom sal kom spook, veral as hulle bekend was vir hul sterk muti.

Die comrades hoor 'n polisie-voertuig in die verte en beduie dat ek nou moet loop. As die polisie my voertuig in die omgewing sien, sal hulle agterdogtig raak en rondsoek.

Ek loop na my motor toe en ry weg met 'n swaar gevoel in my hart oor die jongmense wat so ernstig en sonder emosie oor die dood praat.

Sipho is intelligent, het natuurlike leierseienskappe en dwing respek by sy makkers af.

Dié is kwaliteite wat hom ver kon gebring het in die lewe, maar die kans is goed dat Sipho binne die volgende jaar dood of in die tronk sal wees.

# Wêreld:




Rogers in die Pittsburgh Press

## Krimpende son

Die son krimp - só sê wetenskaplikes van China.

"In die 273 jaar tussen 1715 en 1987, het die son se radius met 410 kilometer gekrimp," sê Wan Lai, 'n navorsingsbeampte by die Shangai-sterrewag.

Dié bevinding volg uit data wat versamel is tydens die jaarlikse sonsverduistering in 1987. Volgens Amerikaanse berekeninge het die son se radius met 200 kilometer verminder.

## Regeringsdruk

Britse doeane-beamptes verkeer onder intense druk van regeringskant om nie die twee maatskappye te vervolg wat in die Irakese "kern-kanon"-kwessie betrokke was nie. Die koerant, The Independent, berig dat senior regeringsamptenare nie wil hê die vervolging moet plaasvind nie omdat dit die Britse regering se rol in die kwessie kan ontbloot.

## Boodskap van vryheid

'n Radioskip met Chinese andersdenkendes aan boord sal volgende maand begin om boodskappe van vryheid en demokrasie na die vasteland uit te saai. Die uitsending val saam met die eerste herdenking van die bloedige ingryping van die regering tydens pro-demokratiese betogings in Beijing verlede jaar. Die uitsending sal tot Junie duur.

## Siekte en armoede

Sowat 'n half-biljoen mense lei aan tropiese siektes, meestal in Afrika. Met die bekendmaking van dié syfer het die Wêreld Gesondheidsorganisasie gesê die meeste van die mense wat deur tropiese siektes bedreig word, woon in lande waar die jaarlikse per capita-inkomste minder as 400 dollar is.

## Nuwe lid

Die Veiligheidsraad van die Verenigde Volke besluit eenparig om aan te beveel dat die Algemene Vergadering Namibia tot die Verenigde Volke toelaat. Dié aanbeveling lui dat die vergadering versoek word om Namibia toe te laat as die 106de lid van die VVO.

## Hewige gevegte

Moslems en Christene aan beide kante van die stryd in Beiroet skarrel na skuiling tydens hewige gevegte onder Sjiitiese- en Christengroepe. Tien mense sterf in die gevegte en ten minste ses burgerlikes word gewond.

## Aborsie-wetgewing

Vroue in Japan sal teen 1992 vryelik voorbehoedmiddels kan koop. Feministe is egter woedend oor 'n regeringsbesluit om die tydperk waarbinne 'n aborsie wettig gedoen kan word, met twee weke te verkort. Wettige aborsie in Japan moet nou binne die eerste 22 weke van swangerskap gedoen word.

## Namibia waarsku

Namibia se eerste minister, Ben Geingob, sê sy regering sal streng optree teen enige element wat probeer om onstabiliteit in die land te kweek. Hy het met die ontvangs van die eerste besending wapens - wat aan die nuwe regering deur Swapo geskenk is - egter die versekering gegee dat die wapens slegs gebruik sal word om die land te verdedig teen diegene wat sy vryheid bedreig.

## Banda vra vrede

President Banda van Malawi sê die regering van Suid-frika en die ANC moet toetree tot samesprekings indien hulle 'n vreedsame skikking in die streek wil bewerkstellig. Banda het op 'n staatsbanket in Harare tydens Zimbabwe se onafhanklikheidsherdenking gesê hy is bly om te sien dat onderhandeling in Namibia gelei het tot die onafhanklikwording van die land.

## Dodelike vlieg

'n Dodelike vlieg van Latyns-Amerika hou 'n bedreiging in vir Libië en kan binnekort na die res van Afrika, die suide van Europa en die Midde-Ooste versprei. Die blou-groen vlieg val mense en diere aan en lê eiers in klein skrapies en snye op die lyf. Die snye of skrape word dan groot wonde wat tot die dood kan lei wanneer die eiers uitbroei en die larwes begin voed.

## Geloof onder dwang

Moslem geestelikes stig sonder toestemming van die Chinese regering 'n skool in die land se westelike Xinjiang-streek. Mense wat nie Moslems is nie word gedwing om die geloof aan te neem. Sowat sestig persent van die streek se 13,8 miljoen mense is Moslems.

## Thatcher die ystergordyn

Margaret Thatcher, die Britse premier wat voorheen gesê het sy is trots daarop om as die "Ystervrou" bekend te staan, sal dalk nie so gevlei voel as sy hoor dat 'n nege-jarige kind dink sy is die yster-gordyn nie. Volgens 'n opname om die algemene kennis onder jong skoolkinders te peil, is daar ook bevind dat sommige van die kinders dink die skrywer van "The Satanic Verses", Salman Rushdie, is 'n soort vis.

## Nuwe bedreiging

Koning Hussein van Jordanië en Jassar Arafat van die Palestynse Bevrydingsorganisasie dring aan op 'n beraad van Arabiese lande oor die "gevaarlike gevolge" van die grootskaalse immigrasie van Sowjet-Jode na Israel. Arabiese lande het die vrees uitgespreek dat groot getalle van die immigrante hulle in die Israelies-besette gebiede sal vestig. Arafat sê dit is die voorloop tot 'n katastrofe wat die hele Arabiese nasie sal raak.

## Litaue-dilemma

Mikhail Gorbatsjof van die Sowjet-Unie sit in 'n dilemma oor Litaue. Druk van binne die land dui daarop dat hy in die republiek moet ingryp terwyl oproepe uit Westerse lande lui dat hy met die leiers van die republiek moet onderhandel. Die Sowjet-owerhede het dié week met ekonomiese sanksies teen Litaue begin. Die voorsiening van ru-olie na dié land is gestaak.

# Suid-Afrika:

## Twee nou vry

'n Suid-Afrikaanse akademikus en 'n Zimbabwiese miljoenêr wat op 16 Februarie deur Renamo in die Beira-korridor in Mosambiek gevange geneem is, word vrygelaat. Vriende van die families sê prof David Stephenson, 46, en David Searle, 40, is die naweek vrygelaat presies op die plek vanwaar hulle ontvoer is.

## Soeke na werk

Altesame 845 000 swartmense was teen November verlede jaar werkloos. Die minister van Binnelandse Sake, Gene Louw, het in antwoord op 'n vraag in die parlement gesê dié syfer is gegrond op die definisie dat dié mense die begeerte en bereidwilligheid het om te werk. Volgens die definisie van werkloosheid dat die persoon bloot werk soek, was 719 000 mense in November 1989 werkloos.

## Paaskalmte

Gespanne kalmte heers in die gebiede rondom Pietermaritzburg en Durban, maar die vlugtelingprobleem uit dié gebiede toon nog geen teken van 'n afname nie. Sowat 200 inwoners van Kwamakhutha keer na hul huise terug. Kwazulu beleef ook 'n relatiewe stil Paasnaweek.

## Kiesers se beurt

"Wanneer onderhandelings vir 'n nuwe regverdige Suid-Afrika afgehandel is, sal die kiesers van die land in 'n referendum of verkiesing daaroor stem, en as dit aanvaar word, sal die nuwe bestel so gou as moontlik deur die parlement bekragtig word," sê pres FW de Klerk.

## Verskuiwings

Twee gemeenskappe en 1 935 gesinne is in 1989 in die Transvaal verskuif. Dié syfer is deur die minister van Beplanning en Provinsiale Aangeleenthede, Hernus Kriel, verskaf in antwoord op 'n vraag in die parlement. In Natal is 131 gesinne verskuif en geen mense is in die Vrystaat of Kaapland verskuif nie.

## Onderwys kry beurt

Ouers en onderwysers in Soweto dring daarop aan dat kinders moet skool toe gaan wanneer skole vir die nuwe termyn heropen. Onderwysers onderneem om leerlinge te beheer en om effektiewe onderwys te gee. Intussen word daar aandag gegee aan die griewe rakende werkomstandighede wat aanleiding gegee het tot die staking van onderwysers.

## Onverantwoordelik

"Die leier van die Konserwatiewe Party het met skokkende onverantwoordelik opgetree deur ongeverifieerde veiligheidsinligting onwettig te versprei," sê pres FW de Klerk. Hy het verwys na die geheime dokument wat deur die KP vrygestel is en wat na bewering bewys dat die ANC beplan het om regse leiers om die lewe te bring.

## Pers verbied

Owerhede by Pollsmoor-gevangenis verhinder die pers om mee te doen aan 'n inspeksie deur die Hooggeregshof van die tronk se Medium B-afdeling vir verhoor-afwagtende gevangenes waar die Kaapstadse prokureur, Willie Hofmeyr, in afsondering aangehou is. Hofmeyr dagvaar die minister van Justisie vir R100 000 skadevergoeding vir die manier waarop hy vir 168 dae aangehou is as gevangene ingevolge die noodregulasies.

## Buthelezi val aan

Mangosuthu Buthelezi van Kwazulu val Cosatu skerp aan en beskuldig die organisasie daarvan dat hy hom ten doel stel om die nuwe regering te wees. Hy sê Cosatu bou magsbasisse wat verder gaan as wat 'n vakbond-beweging nodig het.

## Tyd min

Eerw Alan Hendrickse sê die parlement sit nou reeds vir die vyfde maand van 1990 en daar is nog geen aanduiding van die afskaffing van die Wet op Afsonderlike Geriewe nie. Hy sê daar is ook steeds 'n onwilligheid by die regering te bespeur rakende die afskaffing van die Wet op Groepsgebiede.

## Vreedsame protes

Sowat 900 werkers by die Tembisa-hospitaal neem deel aan 'n vreedsame betoging teen wat hulle beskryf as hardhandige polisie-optrede in die staking by die Garankuwa-hospitaal verlede week. Die polisie sê 10 mense is beseer en 15 is in hegtenis geneem in 'n skermutseling met honderde werkers wat aangedring het op die ontslag van twee blanke amptenare by dié hospitaal.

## Viva diensplig

Blanke mans wat aan die ANC of SAKP behoort sal vir nasionale diensplig opgeroep word. Só sê die adjunk-minister van Verdediging, Wynand Breytenbach. Hy sê die ontbanning van die ANC en die SAKP het geen invloed op verpligte diensplig nie.




Fred Mouton in Die Burger

## 'Miskien is mense die natuur se grootste frats'

# Ou Goosen-boek bly nuut

**OM 'N MENS NA TE BOOTS**
*Deur Jeanne Goosen*
*HAUM-Literêr: R17,99*

**GERRIT OLIVIER**

IN die literatuurgeskiedenisse word Jeanne Goosen se novelle "Om 'n mens na te boots" (1975) min of meer in die verbygaan vermeld. Myns insiens nie heeltemal tereg nie, want vyftien jaar na sy verskyning maak dié boek nog net so 'n vars en oorspronklike indruk as vroeër. Anders as so baie Afrikaanse boeke wat deur die kritiek verwelkom is as "vernuwing", het "Om 'n mens na te boots" met die jare nie verskrompel tot tegniek, eksperiment, of iets van historiese belang nie.

Die rede hiervoor is dat die tegnieke wat in "Om 'n mens na te boots" so onopsigtelik aangewend word, almal voortspruit uit 'n innerlike noodsaak van die vertelling self. Die verteller - gewoonlik as "mal" beskou - is nie besig om 'n abstrakte waarheid in verband met die mens te illustreer nie; sy skep 'n wêreld van vriende en vertrouelinge om te kan oorlewe, en sodoende skep hy ook haarself:

"Hoe lief het ek my vriende nie - en die versinsels wat hulle is. Ek het hulle gefabriseer; ek het hulle versin uit eie behoefte omdat ek nie meer anders kan as om 'n hele lewe te versin nie."

Die woorde "versin" en "fabriseer" mag suggereer dat ons te make het met iets minderwaardigs of patologies - 'n desperate fiksie wat as ontsnapping dien uit 'n "waansinnige wêreld (waarvan) die ellende en onreg verbyster". Maar méér as dit is hier op die spel. In "Om 'n mens na te boots" gaan dit om die noodsaaklikheid van 'n lewe wat gevoed word deur die verbeelding en vanuit die innerlike.

Dit beteken dat afsondering en vrees vir binnedringing byna onvermydelik deel van die verteller se intieme wêreld sal wees; dit beteken ook dat daar 'n hoë prys gestel word op die behoud van 'n besondere en unieke situasie, wat van die verteller se taal afhanklik is om te kan voortbestaan.

Bres, die verteller, het 'n dringende behoefte aan "vertolking" - aan singewing, wat ook die inkorporering van drome en verhale by die alledaagse is. Hieruit ontstaan sy behoefte om die droomagtige samehorigheid en breekbare gevoel wat by tye tussen die karakters ontstaan, in woorde te bestendig. Reeds vroeg in die novelle, wanneer Dana op haar kitaar speel, luister Bres na die musiek en dink by haarself:

"Dit dra iets van die treurigheid van my storie en van myself; 'n treurigheid wat om vertolking vra, een wat woorde afgesterf het; 'n treurigheid wat volkome is in sy ellende en ongelukkigheid. Ter wille van dié aand dan, moet ek ons môre neerskryf, maar ek is skaam teenoor my eie geskrewe woorde, en hulle desintegrasie."

Snags begewe Bres haarself in die ryk van taal, net om te besef dat dáár 'n eie orde en eie wette heers - maar die behoefte bly steeds bestaan om die "eie irrasionele self" in taal te motiveer. Bres besef dat hy moontlik reeds verby taal gereis het. Die kern van "Om 'n mens na te boots" is 'n geheim wat ook vir die verteller ondeurdringbaar is of geword het, en wat slegs nog in desintegrerende woorde, "vertolkings" en "nabootsings" benader kan word.

Op grond van onder andere die passasie hierbo kan 'n mens "Om 'n mens na te boots" selfs lees as 'n verhaal wat volledig in die psige van die verteller afspeel: as 'n nabootsing van ander mense wat ook 'n selfnabootsing is.

Die boek se eie logika maak so 'n ge-volgtrekking amper onvermydelik. As elke mens haar "in die middel van die wêreld" bevind, geïsoleerd, onseker oor sy eie situasie en eie identiteit as mens, sonder aanknopingspunte na ander mense toe behalwe by wyse van "versinsel" of "vertolking" of die herkenning van 'n gemeenskaplike weerloosheid, is sy ook uitgelewer aan "nabootsing" as enigste bestaansvorm:

"Miskien is mense onwerklik. Miskien is 'n mens leeg van binne en boots die een maar net die ander na, uit vrees vir alleen wees. Miskien boots die hele wêreld se mense mekaar na, dat nie een mens weet hoe 'n mens werklik is nie. As ek sê mens, is "mens" maar net 'n woord, 'n woord sonder begrip. Miskien is mense die natuur se grootste frats."

Vanuit hierdie oogpunt gesien, maak dit nie meer saak of 'n mens Goosen se vertelling lees as die geskiedenis van 'n *ménage à trois*, en of jy die drie sentrale figure in die boek beskou as afsplitsings van 'n enkele persoonlikheid nie. In beide gevalle is "nabootsing" essensieel en onontkombaar; en in beide gevalle is daar die soeke na intimiteit en samehorigheid, en die weerloosheid van 'n innerlike wêreld. "Te verraden niet en niet te raden/tusschen ons zelfs een gemeen geheim" (Boutens) - maar dié "geheim" is blootgestel aan verbrokkeling.

Daar sou gespekuleer kon word oor die geslagtelike identiteit van Bres, die verteller, wat hom in 'n geestelike verstrengeling met die manlike Brim en die vroulike Dana bevind, maar ook dit is nie van essensiële belang nie. In hulle alleenheid, wat opgehef moet word deur ander mense na te boots sonder om ooit deur te dring tot wat 'n mens werklik "is", leef die karakters buite alle konvensionele opvattings van "manlik" of "vroulik".

Vanuit 'n konvensionele oogpunt beskou, het die persoonlikheid van Bres beslis ook patologiese trekke. Die hele eerste hoofstuk word gewy aan 'n frustrerende gesprek tussen Brim, Bres en Dana oor moontlike teenspoed met die stasiewa, wat die drieskap se enigste skakel met die buitewêreld is. Die eintlike vrees van Dana en Bres is nie soseer dat die voertuig sal gaan staan nie, maar dat hulle in so 'n geval die hulp van ander mense nodig sal kry.

In die tweede hoofstuk kom Bres se obsessie met die moontlike aanwesigheid van vlooie in die huishouding aan die beurt. Haar getob daaroor loop op geen besluit of handeling uit nie, maar op twee "verhale" oor mense wie se private domeine van binne uit deur ongedierte ondermyn is.

Sowel die gevare van buite (as hulp met die stasiewa gevra sal moet word) as dié van binne (die vlooie) lei tot 'n komiese, maar tegelyk beklemmende gepieker. Vir die leser word dit duidelik dat Bres se wêreld nie behoue kan bly nie: dit gaan van binne ondermyn of van buite binnegedring word, wat in albei gevalle beteken: blootstelling aan ander mense se inmenging.

"Bestaan die lewe dan daaruit dat 'n mens voortdurend voorsorg moet tref teen 'n onheil wat jou mag oorval?" vra Bres homself af. Die belangrike is dat die bedreiging onbekend bly, en dat die verteller vir die eerste keer in die boek 'n geheim het wat sy met niemand deel nie uit vrees dat dit 'n "bres" tussen hom en die ander karakters sal indryf.

Die mees ekstatiese en tegelyk pynlikste ervaring in die boek is Bres se liefde vir Dana, wat ongeveer in die middel van die vertelling 'n hoogtepunt bereik tydens 'n besoek aan 'n houthuis op Ysterfontein. Dié erotiese toneel, met die verbeelde blomme ("appelore") op die tafel, blyk ten slotte ook 'n "storie" van Bres te wees. Tot aan die einde bly dit in die herinnering behoue as die intiemste oomblik van die boek, waarna Bres terug bly hunker.

Die skending en vernietiging van Bres se breekbare wêreld geskied met die binnekoms van die brutale mevrou Johannes Dippenaar: 'n toonbeeld van banaliteit en kleinburgerlike doeltreffendheid. Jaydee, soos sy graag genoem word, kom help as een van die kinders siek word en bevestig algaande die verteller se vermoede dat die mens nie 'n "vriend" is nie. Jaydee sorg dat die kind beter word; bring die chaos in die huis onder beheer; maak dikwels haar opwagting - en haar aanwesigheid lei stap vir stap daartoe dat eers Brim en dan Dana van Bres vervreem raak.

Bres se gees begin dan in sigself terugvou. Sy besluit om mense sover moontlik af te sterf - 'n beslissing wat reeds vroeër onbewus gemaak is; hy sien met afsku watter gemoedelikheid daar tussen Jaydee en die twee ander ontstaan; sy begin met homself praat - en terwyl die orde van mevrou Johannes Dippenaar in die huishouding gevestig raak, verloor die mooi aande hulle bekoring; die intieme kommunikasie tussen die drie karakters verval.

Maar dit is nog nie die werlike verlies wat in "Om 'n mens na te boots" gely word nie. Langsaam het die leser die enigste vertroueling van Bres geword, en Bres se geheime begin deel. Teen die einde van die vertelling is Bres alleen gelaat met sy drome - en dan begin 'n verandering hom ook in die vertelling voltrek. Die dromerige en beangste sfeer van vroeër verdwyn, die taal raak alledaagser, en tydens die partytjie waarmee die boek eindig, ontpop Bres as 'n gespreksgenoot van mevrou Johannes Dippenaar.

"Wat van 'n wyntjie vir die pyntjie?" vra sy aan Jaydee. "Punt in die wind." "Nes jy daar sê." "Kry gerus." Bres sing 'n liedjie tot groot vermaak van die aanwesiges. Alles cliché's, niksseggende gemoedelikheid. Die boek eindig met Jaydee "uitgepaas" in die verteller se skoot.

Soos wat die verteller vir Brim en vir Dana verloor het, so verloor die leser ten slotte die verteller. Miskien kom Bres dit nie eens agter nie, maar haar behoefte aan aanvaarding lei daartoe dat die poëtiese en solipsistiese taal van die vertelling vervang word deur nabootsing van mevrou Johannes Dippenaar se banale cliché's. In 'n groep mense sou ons vir Bres nie meer herken nie; hy praat nie meer met ons nie. Dit is waarom ek van geen boek weet wat die leser meer eensaam agterlaat as "Om 'n mens na te boots" nie.

*Gerrit Olivier is hoogleraar in Afrikaans en Nederlands by Wits en die skrywer van die bundel essays "Ongerymdhede".*

*Kyk ook die berig op die voorblad van VryDag! oor Jeanne Goosen se dramas wat nou in Johannesburg en Pretoria opgevoer word.

**Onder redaksie van KOOS PRINSLOO**

# Brink na UCT


**DIE wêreldbekend Suid-Afrikaanse skrywer en letterkundige, André P Brink, is van begin aanstaande jaar aangestel as professor in die Departement Engels aan die Universiteit van Kaapstad.**

**Brink is sedert 1961 verbonde aan die Departement Afrikaans en Nederlands aan die Rhodes-Universiteit op Grahamstad.**

**Brink se romans, waarvan drie met die CNA-prys bekroon is, geniet ook populêre aanhang.**

**Sy roman "'n Droë wit seisoen", waarvan die rolprentweergawe nou plaaslik draai, is met die Martin Luther King-toekenning bekroon en in 1980 ook met die Prix Médicis Etranger.**

**AFRICASOUTH BOOKS in Swaziland**



**18 APRIL 1980 : ZIMBABWE GEBORE**
**VEELS GELUK NA TIEN JARE**

**David MARTIN & Phyllis JOHNSON: THE STRUGGLE FOR ZIMBABWE (ZPH)**
**R10.40 + R1 posgeld**

**Dambudzo MARECHERA : MINDBLAST (College)**
**R10.60 + R1 posgeld**

**Chenjerai HOVE : UP IN ARMS (Zimbabwe Publ House)**
**R6.50 + R1 posgeld**

**Shimmer CHINODYA : HARVEST OF THORNS (Boabab)**
**R22.50 + R1 per pos**

**Kathy BOND-STEWART & Biddy PARTRIDGE & Kate TRUSCOTT : INDEPENDENCE IS NOT ONLY FOR ONE SEX (Zimbabwe Publ House)**
**R13.30 + R1 posgeld**

**SKRYF GERUS VIR ONS VOLLEDIGE LYS BOEKE OOR ZIMBABWE**

**STUUR POSORDERS. INDIEN U MET 'N SUID-AFRIKAANSE OF NAMIBIAANSE TJEK BETAAL, VOEG R3.50 BY.**

**Beskikbaar in ons boekwinkel in die Swazi Plaza, Mbabane, Swaziland.**
**Skryf aan Robin Malan of Anne Saleiwako by:**
**Posbus A456,**
**Swazi Plaza,**
**Mbabane,**
**Swaziland**
**Tel. 45561**

## Hussein se Irak 'n supermoondheid...

# 'n Miljoen soldate oorgehaal om te veg

JEAN-PIERRE PERRIN

MANAMA - In minder as twintig jaar het Irak tot die sterkste militêre mag in die Arabiese wêreld gegroei, met die vermoë om ballistiese en chemiese wapens te vervaardig en die doelgerigtheid om meer gesofistikeerde wapens te bekom.

Volgens Midde-Oosterse ontleders sal Irak teen die jaar 2 000 naas Israel die sterkste nie-konvensionele militêre mag in die Persiese Golf wees.

Toe die oorlog tussen Iran en Irak in 1988 beëindig is, het Iran sy militêre mag begin afskaal, maar Irak nie. Nou beskik Bagdad oor een miljoen geharde soldate wat beter opgelei, aangevoer en toegerus is as enige ander weermag in die Golf.

Die Irakese weermag is twee keer groter as die Egiptiese weermag, tradisioneel die Arabiese wêreld se sterkste weermag. En hoewel Israel se gesofistikeerde weermag van 140 000 aktiewe soldate steeds die mees gevreesde militêre masjien in die Midde-Ooste is, is Irak besig om die gaping kleiner te maak.

'n Westerse ontleder in Bagdad sê: "Met so 'n sterk weermag is Irak nie net 'n opkomende Midde-Oosterse supermoondheid nie, dit is reeds een."

Daarom het diplomate en ontleders in die Golf dié week gewonder oor Irak se pogings om staalbuise, beweerde onderdele van grofgeskutwapens waarop die Britse doeanebeamptenare beslag gelê het, in die hande te kry.

"Dit is duidelik 'n wapen wat baie minder gesofistikeerd is as die missiele wat 'n onvergelykbare akkuraatheid bereik het," sê een diplomaat.

Die metaalbuise van 140 ton is in Teesport, Engeland ontdek en was op 'n Bermuda-geregistreerde skip onderweg na Irak.

Daar word geglo die buise vorm deel van 'n reusagtige kanon met 'n kaliber van 1 000 millimeter wat kern- en chemiese plofkoppe kan afskiet.

Volgens bronne in Bagdad beskik Irak oor 'n arsenaal van ballistiese missiele met die vermoë om geselekteerde teikens in die "hart van Tel Aviv" te bereik.

Vroeër vandeesmaand het pres Saddam Hussein gesê geen land, buiten die VSA en die Sowjet-Unie, beskik oor meer chemiese wapens as Irak nie.

Hussein is skerp aangeval oor sy dreigement om Israel met gesofistikeerde chemiese wapens aan te val indien hulle teen Irak optree.

Kritiek uit die Weste het ook toegeneem nadat Brittanje en Amerika op 28 Maart 'n beweerde komplot om kernsnellermeganismes na Irak uit te voer, bekend gemaak het.

In Augustus 1987 het Bagdad die produksie van hul eerste land-tot-land-missiele (SS-missiele) aangekondig. Vandag is die bekendste SS-missiele die Al Hussein, met 'n trefafstand van 650 kilometer, en die Al Abbas, met 'n trefafstand van 860 kilometer. Albei dié missiele is op die Russiese Scud-B-missiele gegrond wat gedurende die agt-jarige oorlog afgelewer is.

In Desember, nadat Irak sy eerste drie-fase-vuurpyl met die vermoë om satelliete in 'n wentelbaan te plaas, gelanseer het, het Irak se minister van militêre industrie, Hussein Kamel Hassan, gesê dié land het twee nuwe SS-missiele met 'n trefafstand van 2 000 kilometer ontplooi.

"Dié projek is sonder enige buitelandse steun bereik," het hy gesê.

Westerse kenners verskil met hom. Die direkteur van die Sentrale Intelligensie Agentskap (CIA), William Webster, het aan verslaggewers gesê 'n Westerse verbod op missiel-tegnologie aan Irak was net 'n lokaas en dat die meeste van die nodige onderdele op die wêreldmark beskikbaar was.

Verskeie Wes-Duitse industrieë - Siemens, Transtechnica ('n onderafdeling van die lugvaart-reuse Messerschmitt-Bolkow-Blohm) en Aviatest - is in der waarheid deur hul regering daarvan beskuldig dat hulle Irak gehelp het met die vervaardiging van hul missiele.

Irak, tesame met Egipte en Argentinië, probeer al lank om die Condor 2-missiel, met 'n lading van 500 kilogram en 'n trefafstand van 800 - 1 000 kilometer, te vervaardig. Volgens Britse kenners is dié projek laat vaar.

Volgens Midde-Oosterse kenners het Amerika druk op Egipte geplaas om nie met die projek voort te gaan nie om sodoende Israel se vrees te verlig.


Maar dié week het die waarskuwingsklokke in Washington gelui met die nuus dat Irak se weermag gevaarlike biologiese wapens met die onverwagse samewerking van die Center for Disease Control in Atlanta, Georgia ontwikkel het.

Volgens die NBC-televisie het dié sentrum Irak in 1985 van die Wes-Nylse koorsvirus voorsien. NBC het intelligensie-bronne aangehaal en gesê Irak het hul kiem-arsenaal in 'n gesofistikeerde oorlogslaboratorium in Salman Pak vervaardig.

Hussein het dié week sy dreigement om die helfte van Israel met chemiese wapens te vernietig verder gevoer en gesê dat hy sy lugmag opdrag gegee het om aan te val indien Israel kernwapens teen Irak gebruik.

"Ek het opdrag gegee aan die Irakese lugmag en missiel-kommandeurs om terug te slaan met binêre chemiese wapens sodra hulle uitvind dat Israel kernwapens teen enige deel van Irak gebruik het," het hy aan 'n besoekende Amerikaanse afvaardiging van senators gesê.

Saam met al die dreigemente is Hussein ook besig om sy persoonlikheidskultus in Irak uit te brei. Die klem word veral gelê op rituele van bloed en oorwinning. Volgens Newsweek gebruik die Irakese hulle eie bloed om trou aan hul leier te sweer, en skoolmeisies sing die volgende liedjie: "Saddam, Saddam, ons sal ons bloed vir jou gee." - AFP




# Mugabe wil grond herverdeel

LAWRENCE BARTLETT

HARARE - Na tien jaar van onafhanklikheid breek 'n nuwe era in Zimbabwe aan. Die laaste oorblywende wettige bande met die gewese Britse koloniste is dié week verbreek.

Pres Robert Mugabe, self 'n gewese guerilla-aanvoerder wat die septer die afgelope dekade geswaai het, het reeds aangetoon dat hy van plan is om van dié vryheid gebruik te maak, 'n eenparty-staat uit te roep en van die blankes se grond onder swartmense te herverdeel.

"Dit maak absoluut geen sin van ons onafhanklikheid as 'n Afrika-staat dat die meeste van die bewerkbare en landbougrond steeds in die hande van ons gewese setlaar-koloniste is nie, terwyl die meerderheid van die landelike bevolking soos plakkers op hul eie Godgegewe land woon," het Mugabe vroeër die maand gesê.

Die eerste van daardie "setlaarkoloniste", 'n groep van 500 gewapende witmense wat vanuit Suid-Afrika noord getrek het, het die Union Jack gehys in wat later, op 12 September 1890, die Britse kolonie Rhodesië geword het.


Negentig jaar later, op 18 April 1980, na 'n sewe-jarige guerrilla-oorlog wat die lewens van 40 000 mense geëis het, is die Union Jack gestryk en die vlag van die onafhanklike Zimbabwe gehys.

Die oorlog is beëindig toe die blanke minderheid en die swart meerderheid ooreengekom het op 'n Brits-opgestelde grondwet.

In dié grondwet is 'n verklaring van regte vervat, wat vraagstukke soos private besit en die veelpartystelsel dek, én effektief vir tien jaar verskans het.

Vanaf Woensdag is slegs 'n tweederde meerderheid in die parlement nodig om die verklaring aan te pas, en nie 'n eenparige stemming soos wat tot nou toe nodig was nie.

Dit sal maklik wees vir Mugabe, wat dié beperkings die afgelope tien jaar openlik gekritiseer het. Ná die algemene verkiesing in Zimbabwe op 28 en 29 Maart het sy Zanu-party 146 van die 150 setels in die parlement.



Pres Robert Mugabe

Net ná die verkiesing het hy aan sy party se sentrale komitee gesê dat hy voortgaan met sy planne om 'n eenpartystaat op die been te bring.

"Hoekom moet ons nou na diegene luister wat gister nog ons onderdrukkende koloniste was en nou ons leermeesters in die demokrasie wil wees en aan ons wil preek oor die veelpartystelsel?"

Mugabe beskryf homself as 'n Marxis en Zanu se amptelike beleid is sosialisme wat deur Marxisties-Leninistiese beginsels gelei word, maar Zimbabwe het 'n gemengde ekonomie met 'n bloeiende private sektor.

Mugabe word geglo vir sy pragmatiese beleid wat Zimbabwe in staat gestel het om homself te bevry, sy buitelandse skuld te betaal en, relatief tot Afrika, hoë ekonomiese groei te toon.

Mugabe se herverdeling van die grond is veral gemik op diegene wat nooit werk in die handel- en nywerheidsektor sal vind nie.

Altesame 4 000 hoofsaaklik wit boere besit amper 30 persent van die grond, terwyl die meerderheid van die bevolking in oorbevolkte landelike gebiede woon.

Mugabe het egter gesê sy landhervormings is nie "wraaksugtig" nie, maar is daarop gemik om die nasionale produktiwiteit te verbeter. - AFP

## *Bush se gewildheid verlam Demokrate*

# Hy is menslik en nie bang om op te tree nie



HERVE COUTURIER

WASHINGTON - Pres George Bush is so gewild in Amerika dat die opposisie, die Demokrate, reeds sy presidensiële oorwinning in 1992 aanvaar het - hulle het nog nie eens met hul verkiesingsveldtog begin nie.

Met nog net 31 maande voor die verkiesing - gewoonlik het mense met hul oog op die presidentskap teen dié tyd reeds al die sleutelstate besoek - het die Demokrate se veldtog nog nie vorm aangeneem nie.

Ná 20 jaar se onbeperkte groei, lyk dit of die presidensiële verkiesingsveldtog dié jaar anders gaan lyk. Dit gaan heelwat korter wees as in die verlede.

Geen Demokraat het nog fondse begin insamel om 'n veldtogkomitee in die lewe te roep nie, wat nog te sê 'n formele kandidaat aan te wys.

In die verkiesingsveldtog van 1988 het die hoopvolle presidensiële kandidaat van die Demokrate, Richard Gephardt, teen die lente van 1986 Iowa - die mid-Westerse staat waarin die land se eerste presidensiële koukus gehou word - reeds vyftien keer besoek.

Maar, volgens Joe Shanahan, die hoof van die Demokratiese Party daar, het geen potensiële kandidaat sy gesig tot dusver dié jaar in Iowa gewys nie. Dieselfde geld New Hampshire.

Politieke ontleders sê die rede vir die vertraging in die Demokrate se verkiesingsveldtog is Bush se geweldige populariteit in opnames - rondom 70 persent - en die waarskynlikheid dat hy 'n tweede termyn gaan wen.

Die gewildheid van Bush skakel ander Republikeinse teenstanders uit en laat Demokrate twee keer dink of hulle die volgende lid van dié party wil wees wat by die stembus in die stof byt. Die Demokrate was sedert Jimmy Carter se onverwagse oorwinning in 1976 nog nie weer in die Wit Huis nie.

'n Ander faktor, volgens politieke kenners, is die feit dat die Demokrate in die politieke arena nog relatief jonk is en sy lede kan bekostig om tot 1996 te wag.

Dié lede sluit in die goewerneur van New York, Mario Cuomo, senators Bill Bradley van New Jersey, Charles Robb van Virginia, Albert Gore van Tennessee, sowel as Gephardt, 'n lid van die Huis van Verteenwoordigers van Missouri.

Wat ouderdom betref, is die enigste uitsondering Lloyd Bentsen, die Demokrate se kandidaat vir die visepresidentskap in die 1988-verkiesing. Bentsen sal 71 wees in 1992.

'n Ander rede waarom die Demokrate so traag is om 'n verkiesingsveldtog van stapel te stuur, is die feit dat hulle, met die uitsondering van Robb en Bentsen, te besig is om hul setels in die Wetgewende verkiesing, in November vanjaar, te beveg.

Die Demokrate kan ook nie die pynlike ervaring wat Gephardt te beurt geval het, vergeet nie. In die 1988-verkiesing het hy sy veldtog voor enigiemand anders begin, die Iowa-koukus gewen, net om heeltemal van die toneel te verdwyn.

Dit is egter duidelik dat die "geheimsinnige stilte" in die presidensiële stryd, volgens een Demokratiese senator, soos musiek in die Republikeine se ore klink.

Ed Rollins, mede-voorsitter en operasionele hoof van die Republikeinse Kongres se Veldtogkomitee en 'n belangrike strateeg, sê Bush is so te sê onoorwinlik in die 1992-verkiesing.

"In die stadium verwag ons 'n oorweldigende oorwinning vir George Bush," het Rollins onlangs in 'n toespraak gesê. "Die Demokrate het so te sê reeds oorgegee."

Rollins, wat Reagan se herverkiesingsveldtog in 1984 behartig het, sê dit is 'n kwessie van genoeg geld insamel om nasionale blootstelling te kan geniet.

"As jy nie opstaan en vier jaar voor die verkiesing begin werk nie, gaan jy nie genoeg geld hê om 'n kandidaat vir die presidentskap te wees nie," sê hy.

Die Demokrate verwerp intussen al die ontledings en probeer hulself kalm voordoen.

"Ek is nie in die minste bekommerd oor 'n laat begin nie," sê Ronald Brown, voorsitter van die Demokrate se Nasionale Komitee.

"Ons het baie kandidate wat kan opspring en vinnig kan hardloop."

Bush se gewildheid word in Amerika toegeskryf aan 'n mengsel van menslikheid en kragdadige optrede. Eersgenoemde was nou nie juis Reagan se sterk punt nie.

So byvoorbeeld het Bush nie gehuiwer om troepe na Panama te stuur en die berugte genl Noriega te gaan uithaal nie. Daarvan hou die Amerikaners, solank dit net nie 'n tweede Viëtnam is nie.

Daarby gee Bush baie aandag aan onderwys, inkort van verdedigingsuitgawes, die huisloses en Aids.


Hy het allerlei studies oor die stand van onderwys in Amerika laat doen en Amerikaners verseker dat hy dit as 'n uiterste prioriteit beskou. Terselfdertyd het hy onlangs 'n emosionele en baie menslike toespraak oor die lot van Aids-pasiënte gedoen en hulle verseker: ek gee om vir julle. Reagan het nooit gelyk of hy juis omgee vir Aids nie.

Bush se enigste swak punt in dié stadium blyk vise-president Dan Quayle te wees. In Washington en ander groot stede is van die gewildste T-hempies 'n karikatuur van Quayle met die woorde "Dan Who?"

Elke keer as Bush landuit gaan, hou die Amerikaners hul asems op. As Bush iets sou oorkom, sal dié man as president moet waarneem. En wat word dan van ons, wonder almal.

Quayle het 'n ruk gelede 'n bietjie aansien teruggewen toe hy in Sentraal- en Suid-Amerika as vredemaker opgetree en oor die verkiesing in Chile toesig gehou het. Hy het blykbaar heel goed gevaar. - AFP

# Moeder Teresa gaan rus



Moeder Teresa het dié week gesê dat haar besluit om as hoof van haar wêreldwye liefdadigheidsorde te bedank, die maklikste ding was wat sy nog gedoen het, maar dat sy hartseer is oor die feit dat sy so min gedoen het om die armsaliges van die aarde te help.

"Dit was die natuurlike keuse vir my om te bedank, iets waaroor ek net eenkeer gedink het terwyl ek aan die Vatikaan geskryf het," het die 79-jarige non aan verslaggewers gesê. Vir haar werk onder die armstes onder die armes in Kalkutta het sy as die "Heilige van die straat" bekend gestaan.

PUBLIC MEETING
VIOLENCE AND NEGOTIATIONS?
PART 1 UNDERSTANDING THE VIOLENCE
SPEAKERS: PIERRE CRONJE (Natal MP) on violence in Natal
DR JOE PHAAHLA (NAMDA Chairperson, N and E TVL) on violence in the homelands
LLOYD VOGELMAN (Director, Project for the Study of Violence, Wits) on the causes of violence
WEDNESDAY 25 APRIL 19h30
SH6, SENATE HOUSE, WITS UNIVERSITY
PART 2 THE RELATIONSHIP BETWEEN VIOLENCE AND NEGOTIATIONS
9 MAY — Details to be announced
Hosted by JODAC

## Twee wêrelde

# Dié land en sy mense lê jou voor om elke hoek en draai

**JACQUES PAUW het onlangs vir ses weke as gas van die Amerikaanse departement van buitelandse sake deur Amerika gereis. Hy was deel van 'n groep van 25 joernaliste uit 24 Afrika-lande wat die Verenigde State deurkruis het. Hy vertel van die Suid-Afrikaners wat hy in Amerika teëgekom het en kom tot die slotsom: waar jy ook al gaan, van Suid-Afrika ontsnap jy nooit.**



LANGS my aan die tafel het Mark August trane in sy oë as hy sê: "Ek dink ek moet terug huis toe om vrou te gaan haal. En koeksisters, bobotie en kêrrie te eet. En weer Die Berg te sien."

Aan die oorkant van die tafel knik Malcolm Klein sy kop en sê: "Ja, ek sukkel ook met Amerikaanse vroue. Die mense is half vlak hier. Ek verstaan hulle nie mooi nie.

Die plek is 'n Spaanse restaurant in Florida, Amerika. Ek eet saam met August en Klein, twee Suid-Afrikaners - "bruinmense" - in ballingskap. Hulle woon en werk onderskeidelik die afgelope dertien en vyf jaar in Amerika.

August is 'n gerespekteerde buitelandse rubriekskrywer by een van Amerika se groot koerante en Klein is 'n mediese chirurg, lid van die Amerikaanse span wat die eerste suksesvolle leweroorplanting in die wêreld gedoen het.

Ek het hulle in Tampa Bay, Florida ontmoet. Dis 'n pragtige stad teen die Golf van Mexiko met golwende groen palmbome en spierwit strande. Dis ook 'n speelpark vir rykes met villas wat oor die see hang en eindelose rye luukse-seiljagte.

Dis hier waar die twee vriende duisende kilometers van hul geboorteland 'n nuwe tuiste in die vreemde uitgekerf het. August het kort na die Soweto-onluste van 1976, waar hy aangehou is, padgegee en Klein omdat, erken hy wrang, witmense in Suid-Afrika huiwerig is dat 'n "coloured" aan hulle sny.

Klein was verlede jaar terug in Suid-Afrika vir vakansie, August nog nie weer nie. Hy is bang, erken hy, want hy weet nie wat vir hom wag nie.

Altwee verlang met heimweë. Hoe gaan dit met die en daardie? Gaan Mandela die knoop deurhak? Hoe staan dit nou met rassisme? En wat van Terre'Blanche en Treurnicht, is dit bek of byt?

En so reis mens deur Amerika en loop jou landgenote raak: 'n ingenieur in Washington, nog 'n dokter in San Francisco, 'n PhD-student by die Universiteit van Colombia.

En glo dit of nie, 'n bedelaar in New York wat my aksent herken en in gebroke Afrikaans vertel dat hy eens taxi's in Kaapstad gery het. Hy smeek 'n dollar, want "ons countryman help mos mekaar".

*'August sê dis die vorm van Die Berg en die Kaapse vroue, die reuk van bobotie en die stank van Kruispad, die klank van Afrikaans en die smaak van rooibostee wat vir altyd by hom sal bly.'*

Ja, selfs in Amerika kan 'n mens nooit van Suid-Afrika ontsnap nie. Dié land en sy mense lê jou voor om elke hoek en draai.

Net Oos-Europa kry meer publisiteit as Suid-Afrika. Dis De Klerk, Mandela, onderhandelings, geweld, hoop en wanhoop.

Ek gril saam met my kollegas uit Afrika toe die televisie 'n toneel uitsaai van 'n man wat iewers in Natal 'n mens met 'n panga kap, kap, kap. 'n Paar dae tevore sien ek die dooies in Sebokeng.

Dis een besprekingsprogram na die ander oor Suid-Afrika. Jesse Jackson en ander kerkleiers waarsku dat min in Suid-Afrika verander het, Ted Kennedy doen 'n emosionele pleidooi vir meer sanksies en James Baker prys FW de Klerk.

Die New York Times dra die spioenonthullings oor Lubowski op sy voorblad en in die sewe weke wat ek daar was, sien ek drie programme oor moordbendes.

Maar dis nog lank nie al nie. In byna elke swart woonbuurt is daar anti-apartheidsgraffiti teen mure: "Free Mandela, kill apartheid."

In Anacostia, 'n armoedige swart woonbuurt 'n hanetree van die Withuis, staan 'n kerk op 'n heuwel. Bo-op die kerk se dak skreeu 'n helder plakkaat: "Free us from Apartheid".

In Chicago maak 'n klerewinkel groot geld uit Mandela se kop en "struggle art" op sy hemde.

In dieselfde stad druk die "Revolutionary Communist Party, USA" 'n petisie onder my neus teen planne vir privatisering in Suid-Afrika.

By die hoofkwartier van die Verenigde Volke in New York val 'n man my om die hals. Hy is een van die ANC se verteenwoordigers by dié wêreldliggaam.

In 'n kerk in San Francisco bid die prediker vir die onderdruktes in Suid-Afrika. Op 'n godsdienskanaal op televisie prys 'n leke-prediker Christus vir sy werkende hand in dieselfde land.

*'Your white skin doesn't matter any more. You must come to my country. You and Johnny Clegg.'*

By die Universiteit van Colombia word 'n paneelbespreking oor Suid-Afrika gehou. Die joernalistiekstudente moet 'n werkstuk oor die vryheid van die pers in Suid-Afrika doen.

My kollegas uit Afrika, talle van hulle Franssprekend, spreek my aan as "Mr Mandela" of "Mr de Klerk".

My vriend van Benin in Wes-Afrika sê met 'n swaar Franse aksent: "Your white skin doesn't matter any more. You must come to my country. You and Johnny Clegg."

En oral waar ek kom, dieselfde vraag: "It must be interesting times you live in? What do you think is going to happen?"

En so, van stad tot stad en plek tot plek, verduidelik ek: ja, apartheid bestaan nog. Nee, Mandela kan nie bly waar hy wil nie. Ja, daar brand weer 'n vlam van hoop in my vaderland. Nee, ek weet nie wanneer swartmense werklik bevry gaan word nie.

Die moeilikste vraag van almal is: "What is it like living in South Africa?"

Meer normaal as wat baie mense dink, vertel ek. Baie mense, van baie kleure, leef 'n gewone lewe. Hulle het kinders, gaan werk, ry 'n motor, kla oor stygende pryse, gaan op vakansie, en gaan uiteindelik dood.

Maar ook meer abnormaal as wat baie mense dink. Daar's 'n wit wêreld, en 'n swart wêreld. Weeksdae tussen agt en vyf is dié twee wêrelde een, maar daarna is ek terug in my wit wêreld en ander in hul swart wêreld. Suid-Afrika is nie net 'n land van verskillende mense nie, maar verskillende wêrelde.

August en Klein sê hulle hou van Amerika. Dié land is goed vir hulle en het nuwe geleenthede aan hulle gebied. Albei is redelik welvarend, suksesvol en gelukkig. Hul bly in een van die mooiste dele van Amerika.

Dis wanneer 'n mens jou eie bloed in die vreemde raakloop en 'n broer uit Wes-Kaapland jou teen hom vasdruk en sê: "Jirre, ek wens ek was jy wat teruggaan," dat mens weet:

Hierdie land, waar jy ookal gaan, verlaat jou nooit.

So opgedônner, verskeur en vertrap soos hy is, so onbegryplik is sy bekoring.

August sê dis die vorm van Die Berg en die Kaapse vroue, die reuk van bobotie en die stank van Kruispad, die klank van Afrikaans en die smaak van rooibostee wat vir altyd by hom sal bly.

Dis dié dat hy my terug in Suid-Afrika bel en vra of ek nie 'n paar bande met Jan Spies-verhale aan hom sal stuur nie. En, o ja, rooibostee asseblief. 'n Winkeltjie in Amerika het dit eens aangehou, maar sanksies het 'n stokkie daarvoor gesteek.

En soos almal wat ek ontmoet het, sluit hy af: "Ek kom een van die dae huis toe. Ek promise jou."

# 'n Klein boekie oor die vreugde van stap




TIEN, twaalf jaar gelede was mense wat "gaan stap het vir die vakansie" maar skraal gesaai. Meestal was hulle studente of diegene wat in kakieklere en stewels hulle studentedae vir ewig lewendig wou hou.

Woonwa-entoesiaste was daar natuurlik altyd. Bergklimmers en kransklouteraars ook. Dan visvangers of vistermanne, en daardie ander eiesoortige spesie, die jagter.

Woonwaers het van vroeg af man, vrou, kind en kraai ingesluit, maar die bietjie wat ek daarvan gesien het, was dit maar so aan die passiewe kant. Die ander buitelewe-dinge was vir pa en sy seuns; die vroumense moes maar by die huis bly.

Gedurende die Paasnaweek loop ek 'n groep van goed twintig, vyf-en-twintig raak aan die einde van die tweede strawwe dag van die vierdagseksie van die Soutpansberg-voetslaanpad. Professore en lektore, ma's en pa's, kinders tussen twaalf en twintig. Kaalvoet sit hulle op die gras voor die hut en kyk af tot waar die vlaktes onder begin ophou.

Watter wonderlike ding het daar nie in ons land gebeur met die besluit van die Departement Bosbou in die sewentigerjare om te begin met die voetslaanpaaie nie! Nie alleen het hulle groot dele van die land aan ons bekend gestel nie, maar 'n hele nuwe vakansiestyl by duisende Suid-Afrikaners gevestig.

Iets wat almal saam kon doen. Iets waarin daar nie wenners is nie. As iemand die dag se skof wil afjaag, sal ons ander maar net die kop skud. Wat mis hy tog nie alles nie! Die lekkerte van tee in 'n koelteplekkie langs die stroom, of 'n onbekende blom wat skaam kop wegsteek agter 'n bos. Net om te staan en te ruik hoe ruik die buitelewe.

Twintig jaar gelede het daar een van die mooiste boekies in Afrikaans oor stap en die vreugde van stap verskyn. Die uitgewer was Daantjie Saayman se Buren; die titel pretensieloos "Die buitelewe", met doodgewone foto's van 'n witbaardman met 'n pyp en 'n groepie seuns.

"Die meeste van ons hou van die buitelewe," begin die boekie. "Ons soek 'n bietjie vryheid, miskien 'n bietjie avontuur. Die meeste van ons woon in 'n dorp of 'n stad waar ander mense gedurig aan jou vat, waar ouers en onderwysers die wet verkondig en waar ons in ander se spore moet trap. Soms wil ons in ons eie spore trap, met ons eie vriende verkeer, en teruggaan na ons eie natuur; en die natuur van veld en berg en water waarsonder ons nie mens kan word nie."

Die skrywer van hierdie eenvoudige woorde (hoe mooi: "soms wil ons in ons eie spore trap"!) is een van ons grootste filosowe en verstandige mense, Marthinus Versfeld. 'n Man wat tienduisende mense eers leer ken het in daardie onlangse pragtige televisieprogram oor hom, maar wat in die Kaapse berge ewe legendaries is as Jan Rabie en WA de Klerk.

Die gesellige samesyn van die groep groot en klein voetslaners bo-op die berg laat my weer hierdie boekie gaan uitkrap. Soos alle boeke vol wysheid en sonder vertoon het "Die buitelewe" in twee dekades niks verander nie. Die hoofstuk ""n Dag op 'n Berg" begin eenvoudig so: "Ons land is bergagtig, en wie kan onder 'n berg staan sonder om te wil weet hoe dit daarbo uitsien?"

Verder waarsku hy oor berge en onweer: "Wag dus vir 'n lekker sonnige dag, wanneer die bossies geur en die voëls baljaar, en jy lekker in die son kan bak en die uitsig geniet. Worsteling met die weer kan ons tot later uitstel."

Hoe verder ek lees, hoe lekkerder kry ek. Magtig, ek wens daardie tientalle frustrerende (en gefrustreerde) voetslaners kan dié boekie te lese kry! Versfeld gee raad: "Wat saamgedra word, moet binne 'n rugsak gedra word. Let wel - binne die rugsak... Jy is 'n mens, nie 'n Kersboom nie."

Oor jou wapenrusting: "Vir hierdie werkies het jy 'n ordentlike mes nodig. 'n Ordentlike mes, hoor! Nie 'n mes met allerhande goetertjies nie, maar 'n lem van die beste staal wat jy kan kry. 'n Mes is 'n deel van 'n mens vanaf die dae toe ons oorgrootjies 'n goeie spaander vuurklip in hulle bokvelletjies rondgedra het. 'n Mes is wat 'n mens van 'n bobbejaan onderskei, en 'n goeie mes is wat 'n goeie kampeerder onderskei."

En oor kos: "Let wel dat daar op 'n berg nie private kosvoorrade is nie. Almal se kos is almal s'n." By die hoofstuk oor opruiming kom die medemenslikheid weer terug: "Wie hierdie reëls nie gehoorsaam nie, is selfsugtig en onbeskaaf. Wie nie vir ander mense leef nie, leef ook nie vir homself nie."

Met dat ek "Die buitelewe" klaar gelees het, wonder ek hoekom hierdie besondere boek in twee dekades nie herdruk is nie. Vir duisende mense, veral jongeres, wat vir die eerste keer gaan begin stap.

Maar dis ook 'n boek wat ons almal kan lees om weer te leer hoe om sáám dinge te doen en verantwoordelikheid vir mekaar te aanvaar.

*Vrye* **Weekblad**

## Moorde buite ons grense

Daar is 'n weerstand in die land aan die opbou teen die regering se volgehoue weiering om die doen en late van die polisie en weermag se moordbendes wat buite die landsgrense opgetree het, te laat ondersoek.

Dié weerstand neem toe soos dit bekend word dat ons land nou die skuilplek geword het van vermeende terroriste - sonder dat die owerhede hoegenaamd iets daaraan doen.

Dit was dié week weersinswekkend om twee verregses wat in Namibia weens moord verdink word, vol bravade op die voorblad van koerante te sien pronk waar hulle vryelik in Johannesburg rondloop - en spog dat hulle reg is om 'n regse revolusie aan te stook.

In Windhoek word 'n hofsaak in die wiele gery omdat vier vermeende moordenaars - lede van die weermag se moordbende - in Suid-Afrika sit en tong-uitsteek vir die hof in ons voormalige kolonie.

Daar skuil ook verskeie vermeende moordenaars en saboteurs in Suid-Afrika wat deur Zimbabwe gesoek word.

Buite Pretoria woon selfs 'n man wat die ANC-kantore in Londen opgeblaas het en deur Interpol as 'n internasionale terroris gebrandmerk is.

Al hierdie mense se name is aan die regering bekend, en daar is getuienis dat die polisie selfs weet waar al dié mense hul bevind.

Wat het van ons land geword? Ons wat ons altyd uitgegee het as 'n Christen-land met beskaafde norme? Is ons nou enigsins beter as Kuba of Libië?

Dit is dié soort kultuur - dat moord en doodslag moreel aanvaarbaar is as jy net 'n politieke motief daaraan heg - wat deels gelei het tot die nou byna daaglikse ver-regse dreigemente van revolusie en tot die onrusbarende diefstal van gesofistikeerde wapentuig.

Staatspresident FW de Klerk het nog altyd trots verkondig dat sy hande skoon is; dat hy nooit 'n deel van dié soort optrede was nie.

Ons glo hom.

Maar wat nou gebeur, is sy verantwoordelikheid. Dit is sy administrasie wat skuilplek gee aan terroriste. Dit is sy regering wat weier dat dié barbaarse wandade wat in ons buurstate en elders gepleeg is, ondersoek word.

As hy nie optree nie, beteken dit hy kondoneer dit.

En dan het hy die vermetelheid om 'n staatsbesoek aan Frankryk te bring - in dieselfde stad waar sy regering se agente twee jaar gelede vir Dulcie September vermoor het, wil hy met pres Francois Mitterand gaan tee drink.

Dit is vir ons onbegryplik dat die Mitterand-regering dit toelaat. 'n Staatsbesoek van FW de Klerk aan Frankryk voordat hy nie te kenne gegee het dat hy iets aan moorde soos dié op September gaan doen nie, sal onses insiens 'n belediging wees vir die mense van Frankryk en hul trotse demokratiese tradisie.

## Een setlaar, een koeël

Die swart bewussynsgroepe, die PAC en Azapo, het dié week op vergaderings weer kliphard aan hul verwerplike slagspreuk "one settler, one bullet" geskreeu.

Daarmee, verstaan ons, bedoel hulle blanke Suid-Afrikaners en waarskynlik ook mense van Indiese afkoms.

Dit is kinderagtige, gevaarlike en rassistiese politiek. Hulle klink al meer na die AWB en die Konserwatiewe Party.

As hulle wil hê die res van Suid-Afrika moet hulle begin emstig opneem, moet dié soort optrede onmiddelik einde kry.

## Die pers

'n Kollega van 'n onafhanklike Engelstalige weekblad het dié week heelwat omstrede dinge gesê oor die toekoms van die pers in ons land. Soos dat die beheer van die media aan "volksorganisasies" oorgedra moet word; dat advertensies in koerante verbied moet word; en dat groot groepe beperk word tot een dagblad en een weekblad.

Ons verskil van ons kollega.

Koerante hoort in die hande van joernaliste. In die hande van politieke partye of vakbonde loop koerante die gevaar om te word soos wat die Afrikaanse koerante die laaste paar dekades was.

In die hande van monopolieë, soos die geval is met die establishment-pers in Suid-Afrika, word koerante soos die meeste Engelse koerante in ons land geword het. Maar dwang of nasionalisering is geen oplossing nie, en dien nie die demokrasie nie.

Dit is geen geheim nie dat Vrye Weekblad ook sukkel om die steun van adverteerders te kry. Dit is ook waar dat die private sektor in Suid-Afrika nie veel omgee vir 'n lewenskragtige, aggressiewe pers nie, en dat advertensies sonder diskriminasie uitgedeel word.

Maar om advertensies te verbied, sal 'n ingryping in die vryheid van koeranteienaars, lesers en adverteerders wees.

Ons het meer vryheid in Suid-Afrika nodig, nie minder nie.




BRIEWE

# Die kunste weerspieël diskriminasie

**Lize van Robbroeck van Lynnwoodrif, Pretoria skryf:**

Kendell Geers se resensie van die SAAAH se konferensie oor vroue en die kunste is nie net kinderagtig nie, maar dui daarop dat hy min van die inhoud van enige van die referate wat hy vir bespreking gekies het, verstaan het.

Al probeer hy die leser met sy "kennis" van Europese vroue-kunstenaars (wat myns insiens niks met die res van die resensie te make het nie) beïndruk, is dit duidelik dat hy bittermin weet van die polemiek en indringende debatte wat binne die feministiese herbeskouing van kuns in die veld van kunsgeskiedenis plaasvind.

Soos Marxistiese kunshistorici stel feministiese kunshistorici duidelik die punt dat kuns en sosio-politiese omstandighede nie van mekaar geskei kan word nie.

Solank daar teen vroue gediskrimineer word in die samelewing, sal dit ook in die kunste weerspieël word.

Bridget Riley, wat soos 'n wafferse kenner op die gebied van feminisme deur Geers aangehaal word, staan nie juis bekend vir haar progressiwiteit nie - soos haar formalistiese kuns ook, na my mening, getuig.

Om 'n vrouekunstenaar aan te haal wat feminisme "a form of hysteria" noem as bewys dat die feministiese debat irrelevant is, is vir my net nog 'n voorbeeld van die patetiese paranoïa waarmee Geers op die konferensie as geheel reageer.

Geers het duidelik glad nie verstaan in watter konteks Marion Arnold (wat, terloops, 'n uitgesproke feminis is) Rebecca West se uitlating oor prostitute en vloermatte gebruik het nie.

Om dr Arnold af te maak as iemand wat teen prostitute diskrimineer (dit is, terloops, baie suspisieus dat Geers skielik hier 'n feministiese "cause" huldig) is belaglik en kinderagtig, en dui daarop dat hy tot uiterstes moes gaan om iets negatief en destruktief te kry om oor die referaat te sê.

Mag ek ook vir Geers daarop wys dat Arnold 'n kunshistorikus is, en dat sy as sulks die reg het om haarself te beperk tot 'n gegewe kunshistoriese tydperk - daar is geen wetgewing of reël wat bepaal dat sy die kontemporêre Suid-Afrikaanse milieu moet aanspreek nie.

Geers se "resensie" is nie net kinderagtig wat toon aanbetref nie, maar is vol blatante non sequiturs.

Wat het Braam Kruger se uitlatings nou eintlik te doen met 'n ma se opofferings?

Ek het die vermoede dat Geers (met rede) ewe veel intellektueel as seksueel deur die konferensie bedreig is.

Oor my referaat wat oor vroue in gemeenskapskuns gehandel het, het Geers net 'n enkele faset uitgelig wat geensins die aard van my argument as geheel weerspieël nie.

Ek het twintig minute lank met onbetwisbare statistiek vorendag gekom om te bewys dat swart vroue in sommige gemeenskapkunssentra dikwels gedwing word om handwerk eerder as beeldende kuns te beoefen om sodoende manlike studente in die beeldende kunste finansieel by te staan.

Geers noem nie eens my hoofargument nie, en kies om een geïsoleerde punt (naamlik dat die status van handwerk geherevalueer moet word om meer finansiële erkenning vir swart vroue se produkte te verkry) heeltemal uit verband te ruk.

Buitendien word die onderskeid tussen "fine art" en "craft" met reg al hoe meer as 'n Euro- en fallosentriese konsep beskou - Geers se konserwatiewe onderrok steek 'n bietjie uit as hy heftig beswaar aanteken teen die beskouing van "'n etniese bakkie" as gelyk aan 'n Penny Siopis-skildery.

Ek weet nie hoe Geers met 'n reguit gesig kan sê dat daar nie teen vroue in die Suid-Afrikaanse kunswêreld gediskrimineer word nie.

Veral nadat ek statistiek soos die volgende aangehaal het - naamlik dat slegs 10 van die 102 swart kunstenaars wat in die "Neglected Tradition"-uitstalling verteenwoordig was, vroue is.

Ek stel voor dat Geers tog met sy idee om homself te kastreer voortgaan - dalk sal dit hom dan dwing om vir 'n verandering met sy kop te dink.

## Die vrugte sal soet wees

**Josef Martin Meyer van Groot-Brakrivier skryf:**

Dié gedig beeld die ongelukkigheid/ongerief wat apartheid aan ons doen, uit:

*Apartheid*

Apartheid bring verdrukking
Die hele stelsel 'n mislukking
Jou velkleur is die sleutel
want dit laat onse mense bedel

Die wet is daar om ons te bind
Sodat die blanke hom oral bevind
As hul speel dan moet ons dans
en gun homself nooit 'n kans

Die ouens met die witte vel
laat ons tog onse dae tel
dis swaarkry, swoeg en baie sweet
Apartheid sal hul nooit vergeet

Dis "Whites Only"
because they want to stay lonely
but is doesn't matter
because ons gaan hul verneder.

Kamerade in die stryd - ek wens die Vrye Weekblad alle voorspoed en sukses in die toekoms toe.

Indien daar weer beperkings mag kom, beskou dit bloot as beproewinge.

Die stryd is hard en bitter, maar die vrugte wat ons eersdaags gaan pluk, sal soet wees.



**Vir dié wat traag - of te lui - is om 'n pen en papier te vat en hul mening te lug, is daar 'n ander opsie. Meer daaroor op bladsy 22.**

**Vrye Weekblad plaas alle briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort. Skryf aan: Die Redakteur, Vrye Weekblad, Posbus 177, Newtown 2113.**




**Het jy iets op die hart? Bel ons en lug jou mening. Die nommer is (011) 836-2151. Een van ons verslaggewers sal notas van die gesprek maak en 'n opsomming daarvan sal op dié bladsy geplaas word.**

Boet Wiese van Port Elizabeth: "Ek geniet julle sportblaaie baie, veral die sketse, maar wat het julle teen Danie Gerber en Louis Luyt? Dis groot manne daardie."

Bess Van Florida: "Chris Pretorius se antwoord op Alfred Hinkel se brief mag miskien snaaks wees, maar of dit verantwoordelike joernalistiek is, moet julle self besluit."

Riaan van Yeoville: "Waarom hou julle vol om 'Namibië' as 'Namibia' te spel? Wil jy eendag 'n Azaniaan wees?"




# Kleinadvertensies

*Om 'n advertensie in hierdie kolomme te plaas, bel vir Clara of Cathy (011) 836-2151, fax (011) 838-5901, of skryf aan Posbus 177, Fordsburg 2113. Die spertyd vir kleinadvertensies is 5 nm op die Dinsdag voor publikasie.*

## PERSOONLIK

Die Takhare vir Vrede sê hier buite is geen sterre nie

Bleskoppe teen Apartheid sê ons speel rugby vir Transvaal en moor vir Suidwes

Kaapse Afrikanernooi, dromer, tekenaar, breytenbedonnerd en dies meer soek nice skinder-, teater- en ander escapist-vriende aangesien veeleisende werklading geen tyd beskikbaar stel vir ontwikkeling van siel. Skakel (indien jy in dieselfde bootjie voortslog) Karen: (021) 793-2135

## WERK

Alle meisies en vroue, asook klein seuntjies en dogtertjies, om op sekere Saterdae as modelle vir ons modes in ons modeteater in Johannesburg op te tree. Geen ondervinding nodig nie. Vir meer inligting skakel (011) 834-4738 of (011) 836-9171 X 15 slegs in die aande. Of kom sien ons by The Star Spangled-promosies, 1st Vloer Connaught Mansions, Breëstraat 215, Johannesburg

Experienced committed tutor needed for a Saturday Education programme in Pretoria. Subjects: English, Afrikaans, Maths, Science, History, Biology & Geography. Teaching through the medium of English. Please phone Jenny (011) 339-2392

*PARALAW*

A (non profit making) legal association requires an Attorney. Preferably newly admitted, for more information phone (011) 838 4740

## WOONPLEK

Florida-heuwels. Ek het 'n yuppie-meenthuis te koop in dié gesogte gebied, 234 vierkante meter. Prys R250 000, gehalte afwerkings oral. Eikehoutpanele, wolmatte. Skakel Susan by 679-4640 of 764-4778

Florida-heuwels. Vyfslaapkamerhuis, ondervloerse verhitting, uitsig, privaatheid en nog baie meer. Gehalte huis vir groot gesin of konsultant. Skakel Susan 679-4640 of 764-4778

Twee progressiewe vroue soek ruim "granny flat" in die universiteit- of Walmersgebied - lang termyn vanaf Mei of Junie, bel (021) 462 2358

GARDEN ROUTE: Riverside House, Great Brak River R50 per person per day B & B. Lunch/Dinner extra. River frontage. Splendid beach nearby. Phone (04442) 3387.

Nagraadse student of professionele persoon om aangename woonstel in Kenilworth, Kaap te deel, skakel (021) 619233 na 6nm

Bekwame, betroubare huishulp benodig akkommodasie in Brixton. Beskikbaar vir huiswerk drie dae per week. Werk reeds twee dae. Vergoeding onderhandelbaar. Vir getuigskrif en navrae skakel 782-471/6 kantoorure of 837-1358 na ure

## DIENSTE

Tik- en vertaalwerk, bel Louise by (012) 46-6577

Set builder any time period. Specialises in far away places. Good CV. For more information phone 788-4501

Yoga Class - A garland posture. Ashtanga, Iyengar, Hatha, Tantra, Kundalini. Private tuition available. Special classes for pregnant women. Please call Ushke at (011) 614-5398

**TAROT readings**

Uncovering what you really are, of letting yourself be yourself, of letting everything that is not yourself, fall away. R30. Please phone Ushke at (011) 614-5398

*Diensplig Adviesdiens.*

Vir gratis en onafhanklike advies op enige navrae oor diensplig. Skakel Durban (031) 301 5663 Richard (w), Pietermaritzburg (0331) 944079 Mark (h), Kaapstad (021) 689 1194 (5.30 nm tot 7.30 nm), Grahamstad (0461) 26067 Rudi (h), Oos-Londen (0431) 27713, Port Elizabeth (041) 56 1483, Pretoria (012) 320 2230 Alice (w), Johannesburg (011) 614 8106 Neil (h) of gaan na die Metodiste Kerk, Pritchardstraat 79 op Dinsdae van 4.30 nm tot 7.00 nm

**POWA** (People Opposing Women Abuse) is 'n ondersteuning- en inligtingsdiens vir mishandelde en verkragte vroue. Ons bied ook werkswinkels en opleidingsprogramme aan oor geweld teen vroue. Vir verdere inligting skakel (011) 642 4345

*Visual art courses*

Learning to see. Eye training to look at shape, form, colour dimension translated into drawing, painting, sculpture and crafts. Classes available day and evening for children and adults. Phone Maggie van Wezel at 614-7297 after 5pm.

Vertaalwerk/proefleeswerk: Engels/Afrikaans, Afrikaans/Engels, alle tekste (ook tegnies). Billike tariewe. Faksdiens ook beskikbaar. Skakel Julia (021) 797-3412.

African Language: An introductory Zulu language and culture course will start early April. Twelve sessions will be held in evenings in Parktown for more information phone Viv at (011) 483 1572

*CRAFTS*

Have you got some unusual knick-knacks to sell at the Flea Market? Tel Manfred at (011) 788 3994

## GEBEURE

SCRIPTWRITING SEMINAR: A panel discussion on the opportunities in writing for television, film and corporation is planned for Sunday, April 29 at the Sunnyside Hotel, Parktown. Fee R40 for members of the SA Scriptwriters Association, R75 for non-members. Information and registration available at PO Box 349, Eikenhof 1872, or phone 948 9257.

Die Johannesburgse Kinderdehuis bied die volgende program aan: STEP-TEEN, program vir ouerpare - sistematiese onderrig vir doeltreffende ouerskap van TIENERS. Vanaf 25 April tot 20 Junie 1990. Die program word oor nege weke op Woensdagaande aangebied. Alle belangstellende ouers moet Joan Rubinstein of Cheryl Lyons skakel by 648-1120

Woensdag 25 April - U word uitgenooi om u wegneemete om 1nm na die USIS-ouditorium, 3e vloer African Life-gebou, Commissionerstraat 111, Jhb te bring vir 'n reeks middaguurvideo's getiteld "The Rivers" Almal welkom.

Videos: The US Information Service has scheduled videos on conservation in the United States for Tuesdays in April at 3pm. On April 24: The Rivers (The video reveals that only one percent of America's rivers are protected by the Federal Wild and Scenic Rivers Act). Screenings free of charge at USIS Library at the Ipelegeng Community Centre, 1283 Phora Dlamini Street, White City, Jabavu. Everybody is welcome

## MARK

Illustrations, comics, logos and graphics designed and executed. Good, quick and cheap. Contact M Krouse and A Lord at (011) 339 6880 day and night



Kashgar

Handgeweefde dhurries (gestreepte katoensakke) en silwer juweliersware van Nepal, Indië en Thailand te koop. Winkel 68, The Firs, Rosebank. Tel: (011) 880-3566


***Tarief: R10 vir 25 woorde of 'n gedeelte daarvan***


JACOB RegoP

HELP OM VERLORE ENERGIE TERUG TE PLAAS DEUR DIE VOEDINGS-VITAMINES WAT VIR NORMALE LIGGAAMLIKE FUNKSIES VEREIS WORD, TE VERVANG



Stuur R20 (AVB ingesluit) vir 30 kapsules, saam met die koepon hieronder, aan: EMCOR, Posbus 582, Milnerton 7435. Tel (021) 551-4360

Naam: ..........

Adres: ..........

.......... Poskode: ..........

Telefoon: ..........

OOK VERKRYGBAAR BY JOU NAASTE APTEEK

## Spogvertonings ook van Evette, Myrtle verwag

# Dries lei rekord-aanslag

**TINUS HORN**

**DRIES VORSTER**, Myrtle Bothma, Evette de Klerk en Karen Kruger kan vandag en môre die rekordboeke dramaties herskryf.

Al vier is skitterend op dreef en hul eie Suid-Afrikaanse rekords kan beslis by die nasionale atletiekbyeenkoms in die Herman Immelman-stadion tuimel.

Vorster, Suid-Afrika se voorste mansatleet, lei die rekordaanslag.

Hy het verlede jaar 'n skitterende 48,46 in die 400 hekkies behaal en meen hy staan nou op die drumpel van groter dinge.

Hierdie byeenkoms is sy voorlaaste kans om dié seisoen munt te slaan uit sy goeie vorm en hy het sy visier hoog gestel: Die magiese 48 sekonde-grens. Dis net jammer dat daar van strawwe mededinging geen sprake is nie.

Hy het egter al wêreldtye op sy eie opgestel en hy kan dit weer doen.

De Klerk se strafste teenstand in die 100m kom die afgelope jaar of twee van Marcel Winkler, wat dié byeenkoms ongelukkig weens 'n besering misloop.

Mari-Lize Coetzer en Elinda Vorster het darem albei goeie seisoene beleef en sal in Evette se nek blaas.

De Klerk se eie rekords staan op 11,09 vir die honderd en 22,06 vir die 200.

Bothma se tye was tot dusver vanjaar effens teleurstellend in die 400 én 400 hekkies, maar die briljante 53,65 wat sy nieamptelik in 'n hekkieswedloop teen 'n groep mans behaal het, wys dat daar met haar vorm min skort.

Net die motivering kom kort; sy weet niemand in Suid-Afrika kan haar klop nie.

As sy wel die adrenalien deur haar are kan laat pomp, is haar Afrika-rekords van 50,12 in die 400 en 53,74 in die 400 hekkies beslis in gevaar.

Kruger se Afrika-rekord van 6,85 was die hoogtepunt van die seisoen. Sy het dit uit die bloute opgestel en kan onder die regte omstandighede beslis naby 6,90 grondvat.

Ander atlete wat rekords jag is Kobus Schoeman (110 hekkies) en die oud-Amerikaner Tom Petranoff (spiesgooi).

Die naellope vir mans gaan groot vuurwerk oplewer. Enigeen van vier atlete kan met die louere wegstap: Johan Rossouw en Tshakile Nzimande is die mede-gunstelinge, maar albei is al deur Jannie Viljoen én Bennie Buys geklop. Dit kan weer gebeur.

Viljoen is die gunsteling in die 200, maar die Transvaalse rugbyvleuel, Warren McCann, spog met die beste tyd van die seisoen: 20,57. Rossouw, Nzimande en Buys het ook almal 'n wenkans.

Dit gaan lekker wees om weer vir Zola Budd op dié byeenkoms in aksie te sien. Die kanse dat sy 'n titel gaan inoes, is egter maar skraal. Tanya Peckham is die gunsteling in die 1 500m en Elana Meyer gaan moeilik in die 3 000 geklop word.



Dries Vorster

## Bogger gebruik toe plan vyf!

**HAZEL WOODWARD**

"DIE bogger! Hy't ons vyfde plan gebruik!"

Dít was die eerste woorde wat Ray de Vries, afrigter/bestuurder van Bheki (Willie) Mtolo, kon uitkry ná sy man se oorwinning in verlede Saterdag se Twee Oseane-ultra.

"Ons het vyf planne gehad. Hy't die laaste een gebruik!" sê De Vries, amper verontwaardig.

"Ons eerste plan was dat hy die voortou by Little Chapman's neem. Daar hoor ek toe hy is ver van voor. Hope tyd, dink ek. Ons tweede plan was Constantianek. Dáár lê hy vierde en ek begin sweet."

"Ag," lag Bheki tussen-in, "Jy't mos geweet dis orraait, my bhafo!"

"Huh. Plan drie: Om die eerste draai in Rhodeslaan. Daar móés hy al voor gewees het. Ek vra toe op die radio 'waar's hy?' Kon my ore nie glo nie. Klap sommer die radio!

"Tweede draai in Rhodes - dit was mos plan vier - waar wás jy?" skree Ray vir Bheki, klaar weer opgewonde.

"Sy hart klop nou vinniger as joune," sê ek vir Bheki, wat vir die fotograwe glimlag met sy lourierkrans om sy skouers. Hy lag, skud sy kop en wys na Ray. "Dié een se blood pressure!"

"Plan vyf: Die hek by Kirstenbosch! Dáár besluit jy! Dáár eers!"

Hy skud Bheki aan die skouers, gee hom sommer 'n drukkie.

"Emotional," sê Bheki vir die hemel.

*Sien ook Bl. 23

Vrydag

onder redaksie van
ANDREA VINASSA



Marcel van Heerden en Shirley Johnston

## Aletta se romance

*CHARLES MANSON... uh, Ian Fraser gaan my vermoor omdat ek nie Dinsdagaand sy nuwe play "Charles Manson" gaan kyk het nie. (Wel $%&***# hom as hy nie 'n grap kan waardeer nie.) Sy nuwe serious stuk is weer op 26 en 27 April te sien.*

*Dit was die openingsaand van Truk se Pot Pourri-Fees by die Windybrow en ek is 'n sucker vir romance.*

*Ek het toe Aletta Bezuidenhout se "Angel in a Dark Room" gesien. Gewoonlik raak sy sulke fassinerende weird goed kwyt... meer performance art as drama en 'n mens mis haar ambivalente ekskursies in die onderbewussyn. Dié keer is die vorm redelik konvensioneel - ek sê dit nie in 'n negatiewe sin nie.*

*Sy begewe haar op uiters gevaarlike terrein, maar slaag met die uitsondering van 'n paar dialoogreëls heeltemal. 1) Dis 'n liefdesverhaal 2) Daar's 'n army-ou in 3) En 'n swart vrou 4) En 'n bevryde leftie beroepsvrou... 'n regte kastrerende teef. Maar gelukkig gebruik sy baie soetsappige Italiaanse musiek om die kitsch-potensiaal van die genre te verskerp en daarmee te ondergrawe.*

*Bezuidenhout ondersoek daardie magiese (en sentimentele) oomblikke van intimiteit tussen vreemdelinge. Haar drie verlooptes-op-soek-na-verlossing vul 'n mens tegelykertyd met meegevoel en weersin. Sy is op haar beste wanneer sy praat in sydelingse verwysings, wanneer sy deur middel van suggestie seksuele spanning skep. Net soms tref sy die verkeerde toon met 'n te eksplesiete verduideliking, maar sy tref meesal raak in haar waarneming van menslike gedrag.*

*Die regisseur Jacqui Singer handhaaf die stemming van 'n psigologiese riller met behulp van Marcel van Heerden se verrassende vertolking van 'n senu-agtige oud-soldaat. Nomsa Nene se parmantige aspirant-model skitter, terwyl Shirley Johnston se uitbeelding van kille vervreemding imponeer.*

*- ANDREA VINASSA*

# Kopstukke of Waiting for Goodness

***Die digter en skrywer Jeanne Goosen skryf nou vir die verhoog. Twee van haar stukke, 'Kopstukke' en 'Kombuis-blues' word by Truk se Pot-Pourri-kunstefees opgevoer. RYK HATTINGH het met haar gaan gesels***

"LAAT dit aan die grotes, soos Opperman, om profeet te speel en waarskuwings aan die volk te rig. Dis nie my geaardheid om mooi stukke te skryf nie."

Aan die woord is Jeanne Goosen, digter, skrywer, en nou ook dramaturg.

Twee toneelstukke uit haar pen word by Truk se Pot-Pourri-kunstefees opgevoer. In die eenvrouvertoning "Kombuis-blues", 'n verwerking van Goosen se novelle "Louoond", maak Sandra Prinsloo haar buiging as regisseur. Trudie Taljaard vertolk die vier vrouerolle in die stuk.

"Net wat dié twee vroue doen, is 'n kragtoer," sê Goosen. "Dit is vir my 'n groot eer, en ek dink hulle verbeter op my boek."

Oor die ander stuk, "Kopstukke", sê sy: "Dis 'n play vol poepe. Lucille Gillwald sou dit doen, maar sy moes ongelukkig oorsee gaan. Stephan Bouwer het oorgeneem met die nodige sardonies, vulgêr, siek, pervers en sataniese aanslag."

"Kopstukke" handel oor twee mense, gespeel deur Lizz Meiring en André Stolz, wat albei in 'n motorongeluk verlam is. Hulle kan net hulle koppe en nekke beweeg. Maar anders as ander gestremde mense wat weer leer om nuttig in die samelewing te wees, wat leer om hulle gestremdheid te aanvaar en aan te pas, weier dié twee om dit te doen. Hulle speel nie saam nie. Hulle kom in 'n eiesoortige lydelike verset. Bybelversies kan hulle nie meer verkwik nie.

Elke middag vier-uur kom Goodness, 'n swart huishulp en lid van Inkatha, om hulle skoon te maak. Die gehoor sien haar nooit.

"Die stuk kon maklik as 'Waiting for Goodness' bekend gestaan het. 'Kopstukke' is anti-maatskappy, anti-nut en -sin in die lewe. Hulle glo nie meer aan die stelsel nie. Hulle het almal al verdryf en sodoende die waansinnige stelsel daarbuite ontsnap. Hulle doen nou wat hulle altyd wou doen: niks," sê Goosen.

Op die oog af is die handeling dus baie beperk. Twee mense lê elk in 'n enkelbed, speel woordspeletjies, ondergrawe mekaar, bevuil hulself en wag dat Goodness hulle kom skoonmaak. Goosen sê: "Dis 'n gestroopte weergawe van die mense se lewens. Niks word gespaar nie. Alles wat heilig is, loop deur. 'Kopstukke' is nie vir kinders of bekrompenes nie.

"En met geesdriftige mense soos Lizz Meiring en André Stoltz werk dit baie stimulerend. Hulle is heeltemal vreesloos en ongeïnhibeerd. Hulle speel rolle wat ander akteurs huiwerig is om te doen."

Wat het haar genoop om vir die verhoog te skryf?

"Ek hou van die medium. Om 'n boek te skryf is 'n baie geïsoleerde ding om te doen. Met 'n toneelstuk is die terugvoer oombliklik.

"'Kopstukke' is 'n feesstuk. Dit is nie veronderstel om die groot Afrikaanse drama te wees nie. Daar is teatergangers wat sê dis 'n bietjie gewaag."


Dat "Kopstukke" die koppe gaan laat draai, skud en deurmekaar maak, is gewis. So word NP van Wyk Louw se "Vroegherfs" deel van 'n banale kinderspeletjie...

"Teater kan ook fun wees. Humor is baie belangrik. Op daardie grondslag het mense baie vir mekaar te sê," sê Goosen.



* "Kopstukke" word môreaand 8.30 in die Dalro by die Windybrow-teater opgevoer, en "Kombuis-blues" Dinsdagaand om 8.15 en Woensdagaand om 10.00 in dieselfde venue.

Truk se Pot-Pourri-kunstefees duur tot 28 April en programme is by die Windybrow beskikbaar.




*Twee van die dramaturg Charles Fourie se stukke herleef van vanaand in die Mark-Teater se Repetisie-lokaal: 'Die Parrot Woman' met Henriëtta Gryffenberg (bo) en Wayne Robbins, en "Grot van die Kaalkoppe" met Kevin Smtih, Marius Meyer en Johan van der Westhuizen. 'Die Parrot Woman' handel oor 'n verhouding tussen 'n boere-vrou en 'n Hênsopper tydens die Boere-oorlog. Die vrou word saam met die lyke van haar man en kinders op 'n plaas ontdek en word daarna in 'n hok in die Bethulie-Konsentrasiekamp opgesluit. Die choreograaf Marlene Blom het Fourie se 'Grot van die Kaalkoppe' in 'n bewegingstuk verwerk wat die tema van ritueel en bo-natuurlik krag verder voer. Besprekings by die Mark of by Tracy Cahil by (011) 832-1641.*

